Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 590 Cape Town, Kaapstad, 18 August 2014 **No. 37921**

THE PRESIDENCY

No. 629 18 August 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 6 of 2014: Labour Relations Amendment Act, 2014

DIE PRESIDENSIE

No. 629 18 Augustus 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 6 van 2014: Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014

9 771682 584003 37921

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ]	Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
_____	Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 15 August 2014)

ACT

To amend the Labour Relations Act, 1995, so as to facilitate the granting of organisational rights to trade unions that are sufficiently representative; to strengthen the status of picketing rules and agreements; to amend the operation, functions and composition of the essential services committee and to provide for minimum service determinations; to provide for the Labour Court to order that a suitable person be appointed to administer a trade union or employers' organisation; to enable judges of the Labour Court to serve as a judge on the Labour Appeal Court; to further regulate enquiries by arbitrators; to provide greater protection for workers placed in temporary employment services; to regulate the employment of fixed term contracts and part-time employees earning below the earnings threshold determined by the Minister; to further specify the liability for employer's obligations; and to substitute certain definitions; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 66 of 1995

1. Section 1 of the Labour Relations Act, 1995 (hereinafter referred to as the principal Act) is hereby amended by the substitution in section (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* to give effect to and regulate the fundamental rights conferred by **[section 27]** section 23 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996;''.

Amendment of section 21 of Act 66 of 1995

2. Section 21 of the principal Act, is hereby amended—

(a) by the deletion in subsection (8)*(b)* of the word ''and'' at the end of subparagraph (iii) and the addition of the following subparagraph:

''(v) the composition of the work-force in the *workplace* taking into account the extent to which there are *employees* assigned to work by temporary employment services, *employees* employed on fixed term contracts, part-time *employees* or *employees* in other categories of non-standard employment; and'';

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 15 Augustus 2014)

WET

Tot wysiging van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, ten einde die toestaan van organisatoriese regte aan vakbonde wat verteenwoordigend genoeg is te vergemaklik; die status van reëls en ooreenkomste oor betooglinievorming te versterk; die bedryf, werksaamhede en samestelling van die komitee vir noodsaaklike dienste te wysig om voorsiening te maak vir minimumdiensvasstellings; voorsiening te maak vir die Arbeidshof om te gelas dat 'n administrateur aangestel word om 'n vakbond of werkgewersorganisasie te administreer; regters van die Arbeidshof in staat te stel om as 'n regter van die Arbeidsappèlhof te dien; ondersoeke deur arbiters verder te reguleer; groter beskerming te voorsien vir werknemers wat in tydelike werkverskaffingsdienste geplaas is; die indiensneming te reguleer van vastetermyndienskontrak- en deeltydse werknemers wat onder die verdienstedrempel verdien wat deur die Minister bepaal is; die aanspreeklikheid vir werkgewers se verpligtings verder te bepaal; en sekere omskrywings te vervang; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 66 van 1995

1. Artikel 1 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (hierna die Hoofwet genoem) word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* in artikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* om uitvoering te gee aan die fundamentele regte verleen by **[artikel 27]** artikel 23 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en dit te reguleer;''.

Wysiging van artikel 21 van Wet 66 van 1995

2. Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (8)*(b)* die woord ''en'' aan die einde van subparagraaf (iii) te skrap en die volgende subparagraaf by te voeg:

''(v) die samestelling van die werkmag in die *werkplek* met inagneming van die mate waartoe daar *werknemers* is wat deur tydelike werkverskaffingsdienste toegewys is om daar te werk, *werknemers* in diens geneem op vastetermyndienskontrakte, deeltydse *werknemers* of *werknemers* in ander kategorieë van niestandaard-indiensneming; en'';

(b) by the insertion after subsection (8) of the following subsections:

"(8A) Subject to the provisions of subsection (8), a commissioner may in an arbitration conducted in terms of subsection (7) grant a registered *trade union* that does not have as members the majority of *employees* employed by an employer in a *workplace*—

(a) the rights referred to in section 14, despite any provision to the contrary in that section, if—

(i) the *trade union* is entitled to all of the rights referred to in sections 12, 13 and 15 in that *workplace*; and

(ii) no other *trade union* has been granted the rights referred to in section 14 in that *workplace*.

(b) the rights referred to in section 16, despite any provision to the contrary in that section, if—

(i) the *trade union* is entitled to all of the rights referred to in sections 12, 13, 14 and 15 in that *workplace*; and

(ii) no other *trade union* has been granted the rights referred to in section 16 in that *workplace.*

(8B) A right granted in terms of subsection (8A) lapses if the *trade union* concerned is no longer the most representative *trade union* in the *workplace*.

(8C) Subject to the provisions of subsection (8), a commissioner may in an arbitration conducted in terms of subsection (7) grant the rights referred to in sections 12, 13 or 15 to a registered *trade union*, or two or more registered trade unions acting jointly, that does not meet thresholds of representativeness established by a *collective agreement* in terms of section 18, if—

(a) all parties to the *collective agreement* have been given an opportunity to participate in the arbitration proceedings; and

(b) the *trade union*, or *trade unions* acting jointly, represent a significant interest, or a substantial number of *employees*, in the *workplace*.

(8D) Subsection (8C) applies to any dispute which is referred to the Commission after the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, irrespective of whether the collective agreement contemplated in subsection (8C) was concluded prior to such commencement date."; and

(c) by the addition of the following subsection:

"(12) If a *trade union* seeks to exercise the rights conferred by Part A in respect of *employees* of a temporary employment service, it may seek to exercise those rights in a *workplace* of either the temporary employment service or one or more clients of the temporary employment service, and if it exercises rights in a *workplace* of a client of the temporary employment service, any reference in Chapter III to the employer's premises must be read as including the client's premises.".

Amendment of section 22 of Act 66 of 1995

3. Section 22 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(5) An arbitration award in terms of Part A may be made binding on the employer and in addition to—

(a) the extent that it applies to the *employees* of a temporary employment service, a client of the temporary employment service for whom an *employee* covered by the award is assigned to work; and

(b) any person other than the employer who controls access to the *workplace* to which the award applies, if that person has been given an opportunity to participate in the arbitration proceedings.".

(b) deur die volgende subartikels na subartikel (8) in te voeg:

"(8A) Behoudens die bepalings van subartikel (8), kan 'n kommissaris in 'n arbitrasie ingevolge subartikel (7) gedoen, aan 'n geregistreerde *vakbond* wat nie die meerderheid van *werknemers* in diens van 'n werkgewer in 'n *werkplek* as lede het nie—

(a) die regte in artikel 14 bedoel toestaan, ondanks enige bepaling tot die teendeel in daardie artikel, indien—

(i) die *vakbond* in daardie *werkplek* geregtig is op al die regte in artikels 12, 13 en 15 bedoel; en

(ii) die regte in artikel 14 bedoel aan geen ander *vakbond* in daardie *werkplek* toegestaan is nie.

(b) die regte in artikel 16 bedoel toestaan, ondanks enige bepaling tot die teendeel in daardie artikel, indien—

(i) die *vakbond* in daardie *werkplek* geregtig is op al die regte in artikels 12, 13, 14 en 15 bedoel; en

(ii) die regte in artikel 16 bedoel aan geen ander *vakbond* in daardie werkplek toegestaan is nie.

(8B) 'n Reg ingevolge subartikel (8A) toegestaan verval indien die betrokke *vakbond* nie meer die mees verteenwoordigende *vakbond* in die *werkplek* is nie.

(8C) Behoudens die bepalings van subartikel (8), kan 'n kommissaris in 'n arbitrasie ingevolge subartikel (7) gedoen, die regte in artikels 12, 13 of 15 bedoel aan 'n geregistreerde *vakbond*, of twee of meer geregistreerde vakbonde wat gesamentlik handel, wat nie aan die drempels van verteenwoordigendheid daargestel deur 'n *kollektiewe ooreenkoms* ingevolge artikel 18 voldoen nie, toeken indien—

(a) alle partye tot die *kollektiewe ooreenkoms* 'n geleentheid gegun is om aan die arbitrasieverrigtinge deel te neem; en

(b) die *vakbond*, of *vakbonde* wat gesamentlik handel, 'n beduidende belang, of wesenlike getal *werknemers*, in die *werkplek* verteenwoordig.

(8D) Subartikel (8C) is van toepassing op enige geskil wat na die Kommissie verwys word na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, ongeag of die kollektiewe ooreenkoms in subartikel (8C) beoog voor sodanige inwerkingtredingsdatum gesluit is, al dan nie."; en

(c) deur die volgende subartikel by te voeg:

"(12) Indien 'n *vakbond* die regte deur Deel A verleen wil uitoefen ten opsigte van *werknemers* van 'n tydelike werkverskaffingsdiens, kan hy poog om daardie regte in 'n *werkplek* van óf die tydelike werkverskaffingsdiens óf van een of meer kliënte van die tydelike werkverskaffingsdiens uit te oefen, en indien hy regte in 'n *werkplek* van 'n kliënt van die tydelike werkverskaffingsdiens uitoefen, moet enige verwysing in Hoofstuk III na die werkgewer se perseel gelees word dat dit die kliënt se perseel insluit.".

Wysiging van artikel 22 van Wet 66 van 1995

3. Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(5) 'n Arbitrasietoekenning ingevolge Deel A kan bindend op die werkgewer gemaak word en daarby—

(a) die mate waartoe dit op die *werknemers* van 'n tydelike werkverskaffingsdiens van toepassing is, 'n kliënt van die tydelike werkverskaffingsdiens vir wie 'n *werknemer* wat deur die toekenning gedek word aangewys is om te werk; en

(b) enige persoon behalwe die werkgewer wat toegang tot die *werkplek* waarop die toekenning van toepassing is beheer, indien daardie persoon 'n geleentheid gegun is om aan die arbitrasieverrigtinge deel te neem.".

Amendment of section 32 of Act 66 of 1995, as amended by section 7 of Act 42 of 1996, section 2 of Act 127 of 1998 and section 5 of Act 12 of 2002

4. Section 32 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the insertion in subsection (3) of the following paragraph after paragraph *(d)*:

"*(d*A) the *bargaining council* has in place an effective procedure to deal with applications by non-parties for exemptions from the provisions of the *collective agreement* and is able to decide an application for an exemption within 30 days;";

(b) by the substitution in subsection (3)*(e)* for the words preceding subparagraph (i) of the following words:

"provision is made in the *collective agreement* for an independent body to hear and decide, as soon as possible and not later than 30 days after the appeal is lodged, any appeal brought against—";

(c) by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

"(3A) No representative, office-bearer or official of a *trade union* or *employers' organisation* party to the *bargaining council* may be a member of, or participate in the deliberations of, the appeal body established in terms of subsection (3)*(e)*.";

(d) by the deletion in subsection (5) of the word "and" at the end of paragraph *(a)* and the addition of the following paragraphs:

"*(c)* the *Minister* has published a notice in the Government *Gazette* stating that an application for an extension in terms of this subsection has been received, stating where a copy may be inspected or obtained, and inviting comment within a period of not less than 21 days from the date of the publication of the notice; and

(d) the *Minister* has considered all comments received during the period referred to in paragraph *(c)*;";

(e) by the insertion after subsection (5) of the following subsection:

"(5A) When determining whether the parties to the *bargaining council* are sufficiently representative for the purposes of subsection (5)*(a)*, the *Minister* may take into account the composition of the workforce in the sector, including the extent to which there are *employees* assigned to work by temporary employment services, *employees* employed on fixed term contracts, part-time *employees* or *employees* in other categories of non-standard employment."; and

(f) by the addition of the following subsection:

"(11) A *bargaining council* that has a *collective agreement* extended in terms of this section must ensure that the independent appeal body is able to determine appeals within the period specified in subsection (3)*(f)*.".

Amendment of section 49 of Act 66 of 1995, as amended by section 11 of Act 12 of 2002

5. Section 49 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"A *bargaining council*, having a *collective agreement* that has been extended by the *Minister* in terms of section 32, must inform the *registrar* annually, in writing, on a date to be determined by the *registrar* as to the information specified in subsection (3) and the number of *employees* who are—";

(b) by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"A *bargaining council* other than one contemplated in subsection (2) must on request by the *registrar*, inform the *registrar* in writing within the period specified in the request as to the number of *employees* who are—"; and

Wysiging van artikel 32 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 42 van 1996, artikel 2 van Wet 127 van 1998 en artikel 5 van Wet 12 van 2002

4. Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die volgende paragraaf na paragraaf *(d)* in subartikel (3) in te voeg:

"*(d*A*)* die *bedingingsraad* 'n doeltreffende prosedure in plek het om aansoeke deur niepartye om vrystelling van die bepalings van die *kollektiewe ooreenkoms* te hanteer en daartoe in staat is om binne 30 dae oor 'n aansoek om vrystelling te beslis;";

(b) deur in subartikel (3)*(e)* die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"in die *kollektiewe ooreenkoms* voorsiening gemaak word vir 'n onafhanklike liggaam wat so spoedig moontlik en nie later nie as 30 dae na die appèl aangeteken is enige appèl aanhoor en beslis wat aangeteken word teen—";

(c) deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

"(3A) Geen verteenwoordiger, *ampsdraer* of *beampte* van 'n *vakbond* of *werkgewersorganisasie* wat 'n party tot die *bedingingsraad* is mag 'n lid wees van, of deelneem aan die beraadslagings van, die appèlliggaam ingevolge subartikel (3)*(e)* ingestel nie.";

(d) deur in subartikel (5) die woord "en" aan die einde van paragraaf *(a)* te skrap en die volgende paragrawe by te voeg:

"*(c)* die *Minister* 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer het waarin gestel word dat 'n aansoek om 'n uitbreiding ingevolge hierdie subartikel ontvang is, waarin gestel word waar 'n afskrif geïnspekteer of verkry kan word, en waarin geleentheid gegun word vir kommentaar binne 'n tydperk van minstens 21 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing; en

(d) die *Minister* al die kommentaar wat tydens die tydperk in paragraaf *(c)* bedoel ontvang is, oorweeg het;";

(e) deur die volgende subartikel na subartikel (5) in te voeg:

"(5A) Wanneer vasgestel word of die partye tot die *bedingingsraad* voldoende verteenwoordigend is vir die doeleindes van subartikel (5)*(a)*, kan die *Minister* die samestelling van die werkmag in die sektor oorweeg, met inbegrip van die mate waartoe daar *werknemers* is wat deur tydelike werkverskaffingsdienste aangewys is om te werk, *werknemers* wat op vastetermyndienskontrakte in diens geneem is, deeltydse *werknemers* of *werknemers* in ander kategorieë van niestandaard-indiensneming."; en

(f) deur die volgende subartikel by te voeg:

"(11) 'n *Bedingingsraad* wat 'n *kollektiewe ooreenkoms* ingevolge hierdie artikel laat uitbrei moet verseker dat die onafhanklike appèlliggaam daartoe in staat is om binne die tydperk in subartikel (3)*(f)* vermeld, oor appèlle te beslis.".

Wysiging van artikel 49 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 12 van 2002

5. Artikel 49 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n *Bedingingsraad* met 'n *kollektiewe ooreenkoms* wat ingevolge artikel 32 deur die *Minister* uitgebrei is, moet die registrateur jaarliks op 'n datum wat die *registrateur* bepaal, skriftelik in kennis stel van die inligting in subartikel (3) vermeld en die getal *werknemers* wat—";

(b) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n *Bedingingsraad* behalwe die een in subartikel (2) beoog moet die *registrateur* op versoek van die *registrateur*, skriftelik binne die tydperk in die versoek vermeld, in kennis stel van die getal *werknemers* wat—"; en

(c) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) A determination of the representativeness of a *bargaining council* in terms of this section is sufficient proof of the representativeness of the *council* for the year following the determination for any purpose in terms of *this Act*, including a decision by the *Minister* in terms of sections 32(3)*(b)*, 32(3)*(c)* and 32(5).".

Amendment of section 51 of Act 66 of 1995, as amended by section 11 of Act 42 of 1996 and section 12 of Act 12 of 2002

6. Section 51 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

"(9) A *bargaining council* may, by *collective agreement*—

(a) establish procedures to resolve any *dispute* contemplated in this section;

(b) provide for payment of a dispute resolution levy; and

(c) provide for the payment of a fee in relation to any conciliation or arbitration proceedings in respect of matters for which the Commission may charge a fee in terms of section 115(2A)*(l)*, which may not exceed the fee provided for in that section.".

Amendment of section 65 of Act 66 of 1995

7. Section 65 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* the *issue in dispute* **[*is*]** is one that a party has the right to refer to arbitration or to the Labour Court in terms of *this Act* or any other *employment law*;"; and

(b) by the substitution in subsection (3) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* any determination made in terms of **[the *Wage Act*]** Chapter Eight of the *Basic Conditions of Employment Act* and that regulates the *issue in dispute*, during the first year of that determination.".

Amendment of section 67 of Act 66 of 1995

8. Section 67 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsection (9).

Amendment of section 69 of Act 66 of 1995, as amended by section 20 of Act 42 of 1996

9. Section 69 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) The rules established by the Commission may provide for picketing by *employees*—

(a) in a place contemplated in section 69(2)*(a)* which is owned or controlled by a person other than the employer, if that person has had an opportunity to make representations to the Commission before the rules are established; or

(b) on their employer's premises if the Commission is satisfied that the employer's permission has been unreasonably withheld.";

(b) by the substitution in subsection (8) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Any party to a *dispute* about any of the following issues, including a person contemplated in subsection (6)*(a)*, may refer the *dispute* in writing to the Commission—"; and

(c) by the addition of the following subsections:

"(12) If a party has referred a *dispute* in terms of subsection (8) or (11), the Labour Court may grant relief, including urgent interim relief, which is just and equitable in the circumstances and which may include—

(a) an order directing any party, including a person contemplated in subsection (6)*(a)*, to comply with a picketing agreement or rule; or

(c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) 'n Vasstelling van die verteenwoordigendheid van 'n *bedingingsraad* ingevolge hierdie artikel is afdoende bewys van die verteenwoordigendheid van die *raad* vir die jaar wat volg op die vasstelling vir enige doel ingevolge *hierdie Wet*, met inbegrip van 'n besluit deur die *Minister* ingevolge artikels 32(3)*(b)*, 32(3)*(c)* en 32(5).".

Wysiging van artikel 51 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 42 van 1996 en artikel 12 van Wet 12 van 2002

6. Artikel 51 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

"(9) 'n *Bedingingsraad* kan, by *kollektiewe ooreenkoms*—

(a) prosedures bepaal om enige *geskil* by hierdie artikel beoog, te besleg;

(b) voorsiening maak vir betaling van 'n geskilbeslegtingsheffing; en

(c) voorsiening maak vir die betaling van gelde in verband met enige versoenings- of arbitrasieverrigtinge ten opsigte van aangeleenthede waarvoor die Kommissie ingevolge artikel 115(2A)*(l)* geld kan vorder, wat nie die gelde waarvoor in daardie artikel voorsiening gemaak word, mag oorskry nie.".

Wysiging van artikel 65 van Wet 66 van 1995

7. Artikel 65 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(c)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* die *vraagstuk in geskil* 'n vraagstuk is wat 'n party ingevolge *hierdie Wet* of enige ander *dienswet* na arbitrasie of na die Arbeidshof mag verwys;"; en

(b) deur paragraaf *(b)* in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* enige vasstelling ingevolge **[die *Loonwet*]** Hoofstuk Agt van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* gemaak wat die *vraagstuk in geskil* reguleer, gedurende die eerste jaar van daardie vasstelling.".

Wysiging van artikel 67 van Wet 66 van 1995

8. Artikel 67 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (9) te skrap.

Wysiging van artikel 69 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 42 van 1996

9. Artikel 69 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Die reëls deur die Kommissie vasgestel, kan voorsiening maak vir vorming van 'n betooglinie deur *werknemers*—

(a) op 'n plek in artikel 69(2)*(a)* beoog wat besit of beheer word deur 'n persoon wat nie die werkgewer is nie, indien daardie persoon 'n geleentheid gehad het om vertoë aan die Kommissie te rig voor die reëls vasgestel word; of

(b) op die werkgewer se perseel indien die Kommissie oortuig is dat die werkgewer se toestemming op onredelike wyse weerhou is.";

(b) deur in subartikel (8) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Enige party by 'n *geskil* oor enige van die volgende vraagstukke, met inbegrip van 'n persoon in subartikel (6)*(a)* beoog, kan die *geskil* skriftelik na die Kommissie verwys—"; en

(c) deur die volgende subartikels by te voeg:

"(12) Indien 'n party 'n *geskil* ingevolge subartikel (8) of (11) verwys het, kan die Arbiedshof regshulp toestaan, met inbegrip van dringende tussentydse regshulp, wat onder die omstandighede regverdig en billik is en wat kan insluit—

(a) 'n bevel wat enige party, met inbegrip van 'n persoon in subartikel (6)*(a)* beoog, gelas om aan 'n betooglinievormingsooreenkoms of -reël te voldoen; of

(b) an order varying the terms of a picketing agreement or rule;

(13) The Labour Court may not grant an order in terms of subsection (12) unless—

(a) 48 hours' notice of an application seeking relief referred to in subsection (12)*(a)* or *(b)* has been given to the respondent; or

(b) 72 hours' notice of an application seeking relief referred to in subsection (12)*(c)* or *(d)* has been given to the respondent.

(14) The Labour Court may permit a shorter period of notice than required by subsection (13) if the—

(a) applicant has given written notice to the respondent of its intention to apply for the order;

(b) respondent has been given a reasonable opportunity to be heard before a decision concerning the application is taken; and

(c) applicant has shown good cause why a period shorter than that contemplated by subsection (13) should be permitted.''.

Substitution of section 70 of Act 66 of 1995, as amended by section 5 of Act 127 of 1998

10. The following section is hereby substituted for section 70 of the principal Act:

''**Essential services committee**

70. The *Minister*, after consulting *NEDLAC*, must establish an essential services committee under the auspices of the Commission in accordance with the provisions of *this Act*.''.

Insertion of sections 70A, 70B, 70C, 70D, 70E and 70F in Act 66 of 1995

11. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 70:

''**Composition of essential services committee**

70A. (1) The *Minister* must appoint to the essential services committee on terms that the Minister considers fit—

(a) a chairperson, who is independent from the constituencies contemplated in subsection (3) and who may be a senior commissioner;

(b) a deputy chairperson, who must be a senior commissioner; and

(c) six persons nominated in accordance with the provisions of subsections (3) and (4).

(2) A member of the essential services committee—

(a) must be a citizen of South Africa, who is ordinarily resident in South Africa, or a permanent resident of South Africa;

(b) must have suitable qualifications or experience in labour law, labour relations, commerce, public affairs, the administration of justice, industry or a sector of the economy;

(c) must not be an unrehabilitated insolvent; and

(d) must not be subject to an order of a competent court holding that person to be mentally unfit or disordered.

(3) Organised business, labour and government at *NEDLAC* must each nominate to the *Minister* the names of two persons to be appointed to the essential services committee.

(4) The *Minister* must appoint the persons nominated by organised business, labour and government at *NEDLAC* if these persons meet the requirements set out in subsection (2).

(5) The *Minister* may fill any vacancy that arises in accordance with the provisions of this section.

(6) A member of the essential services committee may not represent any person before a panel of the essential services committee, but may be appointed by the *trade union* and employer parties to serve as an assessor in terms of section 70C.

(b) 'n bevel wat die voorwaardes van 'n betooglinievormingsooreenkoms of -reël varieer.

(13) Die Arbeidshof mag nie 'n bevel ingevolge subartikel (12) toestaan nie tensy—

(a) 48-uur kennis van 'n aansoek om regshulp in subartikel (12)*(a)* of *(b)* bedoel, aan die respondent gegee is; of

(b) 72-uur kennis van 'n aansoek om regshulp in subartikel (12)*(c)* of *(d)* bedoel, aan die respondent gegee is.

(14) Die Arbeidshof mag 'n korter kennistydperk as die tydperk wat deur subartikel (13) vereis word toelaat indien die—

(a) aansoeker skriftelik aan die respondent kennis gegee het van sy voorneme om aansoek om die bevel te doen;

(b) respondent 'n redelike geleentheid gegun is om aangehoor te word voor 'n besluit oor die aansoek geneem is; en

(c) aansoeker goeie gronde getoon het waarom 'n tydperk korter as die tydperk in subartikel (13) beoog, toegelaat moet word.''.

Vervanging van artikel 70 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 127 van 1998

10. Artikel 70 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Komitee vir noodsaaklike dienste**

70. Die *Minister*, na oorleg met *NEOAR*, moet 'n komitee vir noodsaaklike dienste onder beskerming van die Kommissie instel ooreenkomstig die bepalings van *hierdie Wet*.''.

Invoeging van artikels 70A, 70B, 70C, 70D, 70E en 70F in Wet 66 van 1995

11. Die volgende artikels word hierby na artikel 70 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Samestelling van komitee vir noodsaaklike dienste**

70A. (1) Die *Minister* moet, op voorwaardes wat die Minister geskik ag, die volgende persone in die komitee vir noodsaaklike dienste aanstel—

(a) 'n voorsitter, wat onafhanklik is van die kiesafdelings in subartikel (3) beoog en wat 'n senior kommissaris kan wees;

(b) 'n ondervoorsitter, wat 'n senior kommissaris moet wees; en

(c) ses persone ooreenkomstig die bepalings van subartikels (3) en (4) benoem.

(2) 'n Lid van die komitee vir noodsaaklike dienste—

(a) moet 'n burger van Suid-Afrika wees, wat gewoonlik in Suid-Afrika woonagtig is, of 'n permanente inwoner van Suid-Afrika;

(b) moet gepaste kwalifikasies of ervaring in arbeidsreg, arbeidsverhoudinge, die handel, openbare aangeleenthede, die regspleging, nywerheid of 'n sektor van die ekonomie hê;

(c) moet nie 'n ongerehabiliteerde insolvent wees nie; en

(d) moet nie onderhewig wees aan 'n bevel van 'n bevoegde hof wat daardie persoon as geestelik onbevoeg of versteurd verklaar het nie.

(3) Georganiseerde besigheid, arbeid en regering by *NEOAR* moet elk die name aan die *Minister* benoem van twee persone om in die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel te word.

(4) Die *Minister* moet die persone benoem deur georganiseerde besigheid, arbeid en die regering benoem by *NEOAR* aanstel indien hierdie persone aan die vereistes in subartikel (2) uiteengesit, voldoen.

(5) Die *Minister* kan enige vakature wat ontstaan ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel vul.

(6) 'n Lid van die komitee vir noodsaaklike dienste mag geen persoon voor 'n paneel van die komitee vir noodsaaklike dienste verteenwoordig nie, maar mag deur die *vakbond* en werkgewerspartye aangestel word om ingevolge artikel 70C as assessor op te tree.

Powers and functions of essential services committee

70B. (1) The powers and functions of the essential services committee are to—

(a) monitor the implementation and observance of essential services determinations, minimum services agreements, maintenance services agreements and determinations;

(b) promote effective *dispute resolution* in essential services;

(c) develop guidelines for the negotiation of minimum services agreements;

(d) decide, on its own initiative or at the reasonable request of any interested party, whether to institute investigations as to whether or not the whole or a part of any service is an essential service;

(e) manage its caseload; and

(f) appoint the panels contemplated in section 70C to perform one or more of the functions set out in section 70D.

(2) At the request of a *bargaining council*, the essential services committee must establish a panel to perform any function in terms of section 70D(1).

(3) The essential services committee may request the Commission or any other appropriate person to conduct an investigation to assist the essential services committee in an investigation and to submit a report to it.

Appointment of panels

70C. (1) The essential services committee must, taking into account the nature and complexity of the issue, assign each matter before it to a panel consisting of either three or five persons, including the assessors referred to in subsections (3) and (4).

(2) A panel must be presided over by the chairperson or deputy chairperson of the essential services committee or by a senior commissioner referred to in subsection (3).

(3) The Commission must compile a list of suitably trained senior commissioners who may preside at panel hearings.

(4) If the essential services committee constitutes a three-member panel, it must either—

(a) appoint two of its members to serve as *assessors*; or

(b) invite the employer and *trade union* parties participating in the hearing to each nominate an assessor.

(5) If the essential services committee constitutes a five-member panel, it must—

(a) appoint two of its members to serve as its assessors; and

(b) invite the employer and *trade union* parties participating in the hearing to each nominate an assessor.

(6) If the essential services committee appoints assessors from its members to serve on a panel, it must appoint one who was nominated to the essential services committee by—

(a) organised labour; and

(b) organised business or government, depending on the sector concerned.

(7) A member of the essential services committee may be nominated to serve as an assessor in terms of subsections (4)*(b)* and (5)*(b)*.

(8) The essential services committee may appoint an assessor if the *trade union* or employer parties participating in the hearing fail to nominate an assessor in terms of subsections (4)*(b)* and (5)*(b)* within the prescribed period.

(9) When appointing or nominating an assessor in terms of subsections (4) to (8), the essential services committee, and any party to a matter before it, must take into account the person's skills, experience, expertise and knowledge of the sector concerned.

Bevoegdhede en werksaamhede van komitee vir noodsaaklike dienste

70B. (1) Die bevoegdhede en werksaamhede van die komitee vir noodsaaklike dienste is om—

(a) die instelling en handhawing van minimum noodsaaklike diens-vasstellings, minimumdiens-ooreenkomste, instandhoudingsdienste en -vasstellings te monitor;

(b) doeltreffende *geskilbeslegting* in noodsaaklike dienste te bevorder;

(c) riglyne te ontwikkel vir die onderhandeling van minimumdiens-ooreenkomste;

(d) te besluit, uit eie inisiatief of op redelike versoek van enige belanghebbende party, of ondersoek ingestel moet word om vas te stel of die geheel of 'n gedeelte van enige diens 'n noodsaaklike diens is, al dan nie;

(e) sy saaklas te bestuur; en

(f) die panele in artikel 70C bedoel aan te stel om een of meer van die werksaamhede soos in artikel 70D uiteengesit, te verrig.

(2) Op versoek van 'n *bedingingsraad*, moet die komitee vir noodsaaklike dienste 'n paneel instel om enige werksaamheid ingevolge artikel 70D(1) te verrig.

(3) Die komitee vir noodsaaklike dienste kan die Kommissie of enige gepaste persoon versoek om 'n ondersoek te doen om die komitee vir noodsaaklike dienste in 'n ondersoek by te staan en om 'n verslag aan die komitee voor te lê.

Aanstelling van panele

70C. (1) Die komitee vir noodsaaklike dienste moet, met inagneming van die aard en kompleksiteit van die vraagstuk, elke aangeleentheid voor hom toewys aan 'n paneel bestaande uit drie of vyf persone, met inbegrip van die assessore in subartikels (3) en (4) bedoel.

(2) 'n Paneel moet onder voorsitterskap wees van 'n voorsitter of ondervoorsitter van die komitee vir noodsaaklike dienste of 'n senior kommissaris in subartikel (3) bedoel.

(3) Die Kommissie moet 'n lys opstel van gepas opgeleide senior kommissarisse wat by paneelverhore kan voorsit.

(4) Indien die komitee vir noodsaaklike dienste 'n paneel met drie lede saamstel, moet hy óf—

(a) twee van sy lede aanstel om as *assessore* te dien; óf

(b) die werkgewer en *vakbond*partye wat aan die verhoor deelneem nooi om elk 'n assessor te benoem.

(5) Indien die komitee vir noodsaaklike dienste uit 'n paneel van vyf lede bestaan, moet hy—

(a) twee van sy lede aanstel om as assessore te dien; en

(b) die werkgewer en *vakbond*partye wat aan die verhoor deelneem nooi om elk 'n assessor te benoem.

(6) Indien die komitee vir noodsaaklike dienste assessore vanuit sy lede aanstel om op 'n paneel te dien, moet hy een aanstel wat aan die komitee vir noodsaaklike dienste benoem is deur—

(a) georganiseerde arbeid; en

(b) georganiseerde besigheid of die regering, afhangende van die betrokke sektor.

(7) 'n Lid van die komitee vir noodsaaklike dienste kan ingevolge subartikels (4)*(b)* en (5)*(b)* benoem word om as assessor te dien.

(8) Die komitee vir noodsaaklike dienste kan 'n assessor aanstel indien die *vakbond* of werkgewerspartye wat aan die verhoor deelneem versuim om binne die voorgeskrewe tydperk 'n assessor ingevolge subartikels (4)*(b)* en (5)*(b)* aan te stel.

(9) By die aanstelling of benoeming van 'n assessor ingevolge subartikels (4) tot (8), moet die komitee vir noodsaaklike dienste, en enige party in 'n aangeleentheid voor dit, die persoon se vaardighede, ervaring, kundigheid en kennis van die betrokke sektor in ag neem.

Powers and functions of panel

70D. (1) The powers and functions of a panel appointed by the essential services committee are to—

(a) conduct investigations as to whether or not the whole or a part of any service is an essential service;

(b) determine whether or not to designate the whole or a part of that service as an essential service;

(c) determine *disputes* as to whether or not the whole or a part of any service falls within the scope of a designated essential service;

(d) determine whether or not the whole or a part of any service is a maintenance service;

(e) ratify a *collective agreement* that provides for the maintenance of minimum services in a service designated as an essential service; and

(f) determine, in accordance with the provisions of *this Act*, the minimum services required to be maintained in the service that is designated as an essential service.

(2) The presiding member of the panel must determine any question of procedure or law, including whether an issue is a question of procedure or law.

(3) The chairperson of the essential services committee or any person contemplated in section 70C(2) presiding at a hearing may, sitting alone, make an order—

(a) extending or reducing any period prescribed by the rules of the essential services committee; and

(b) condoning the late performance of an act contemplated by the rules of the essential services committee.

(4) Subject to subsections (2) and (3), the decision or finding of the majority of the panel is the decision of the essential services committee.

(5) The decision of a panel must be in writing and signed by the person referred to in section 70C(2), and include the reasons for that decision.

(6) A panel appointed by the essential services committee may make any appropriate order relating to its functions.

Jurisdiction and administration of essential services committee

70E. (1) The essential services committee has jurisdiction throughout the Republic.

(2) The seat of the essential services committee is the Commission's head office.

(3) The functions of the essential services committee, including the functions of the panels, may be performed at any place in the Republic.

(4) The Commission must administer the essential services committee.

(5) The *director* is the accounting officer of the essential services committee and must allocate adequate resources to the essential services committee in order for it to perform its functions.

(6) The *director* may appoint staff to the essential services committee after consulting the essential services committee and the governing body, and the governing body must determine their remuneration and other terms and conditions of appointment.

(7) The allowances of members of the essential services committee, assessors and persons appointed to investigate matters are determined by the Minister of Finance.

(8) The essential services committee will be financed and provided with working capital from—

(a) the monies that Parliament may appropriate to the Commission in terms of section 122; and

(b) grants, donations and bequests made to it.

Bevoegdhede en werksaamhede van paneel

70D. (1) Die bevoegdhede en werksaamhede van 'n paneel wat deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel is, is om—

(a) ondersoeke te doen oor of die geheel of 'n gedeelte van enige diens 'n noodsaaklike diens is al dan nie;

(b) vas te stel of die geheel of 'n gedeelte van daardie diens as 'n noodsaaklike diens aangewys moet word, al dan nie;

(c) *geskille* oor of die geheel of 'n gedeelte van enige diens binne die bestel van 'n aangewese noodsaaklike diens val, te besleg;

(d) te bepaal of die geheel of 'n gedeelte van enige diens 'n instandhoudingsdiens is, al dan nie;

(e) 'n *kollektiewe ooreenkoms* te bekragtig wat voorsiening maak vir die instandhouding van minimumdienste in 'n diens aangewys as 'n noodsaaklike diens; en

(f) ooreenkomstig die bepalings van *hierdie Wet*, die minimumdienste vas te stel wat in stand gehou moet word in die diens wat as noodsaaklike diens aangewys is.

(2) Die voorsittende lid van die paneel moet enige vraag oor prosedure of wet vasstel, met inbegrip van hetsy 'n vraagstuk 'n geval van prosedure of wet is, al dan nie.

(3) Die voorsitter van die komitee vir noodsaaklike dienste of enige persoon in artikel 70C(2) beoog wat by 'n verhoor voorsit kan, alleen sittende, 'n bevel gee wat—

(a) enige tydperk voorgeskryf deur die reëls van die komitee vir noodsaaklike dienste, verleng of verkort; en

(b) die laat uitvoering van 'n handeling deur die reëls van die komitee vir noodsaaklike dienste beoog, kondoneer.

(4) Behoudens subartikels (2) en (3), is die besluit of bevinding van die meerderheid van die paneel die besluit van die komitee vir noodsaaklike dienste.

(5) Die besluit van 'n paneel moet skriftelik wees en deur die persoon in artikel 70C(2) bedoel onderteken wees, en moet die redes vir daardie besluit insluit.

(6) 'n Paneel wat deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel is, kan enige gepaste bevel uitreik wat met sy werksaamhede verband hou.

Regsgebied en administrasie van komitee vir noodsaaklike dienste

70E. (1) Die komitee vir noodsaaklike dienste het jurisdiksie regdeur die Republiek.

(2) Die setel van die komitee vir noodsaaklike dienste is die Kommissie se hoofkantoor.

(3) Die werksaamhede van die komitee vir noodsaaklike dienste, met inbegrip van die werksaamhede van die panele, kan by enige plek in die Republiek verrig word.

(4) Die Kommissie moet die komitee vir noodsaaklike dienste administreer.

(5) Die *direkteur* is die rekenpligtige beampte van die komitee vir noodsaaklike dienste en moet voldoende hulpbronne aan die komitee vir noodsaaklike dienste toewys sodat die komitee sy werksaamhede kan verrig.

(6) Die *direkteur* kan personeel tot die komitee vir noodsaaklike dienste aanstel na oorleg met die komitee vir noodsaaklike dienste en die beheerliggaam, en die beheerliggaam moet hul besoldiging en ander bedinge en voorwaardes van aanstelling bepaal.

(7) Die toelaes van lede van die komitee vir noodsaaklike dienste, assessore en persone aangestel om aangeleenthede te ondersoek, word deur die Minister van Finansies vasgestel.

(8) Die komitee vir noodsaaklike dienste sal gefinansier word deur en bedryfskapitaal kry van—

(a) die gelde wat die Parlement ingevolge artikel 122 aan die Kommissie kan bewillig; en

(b) toekennings, skenkings en erflatings daaraan gemaak.

Regulations for essential services committee

70F. (1) The Minister, after consulting the essential services committee, may make regulations concerning the—
(a) functioning of the essential services committee; and
(b) panels appointed by the essential services committee.
(2) The rules made by the Commission in terms of section 115 (2)(*c*A)(ii) remain in force until replaced by regulations made in terms of subsection (1).''.

Amendment of section 71 of Act 66 of 1995

12. Section 71 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (8) and (9) of the following subsections, respectively:
''(8) If the panel appointed by the essential services committee designates the whole or a part of a service as an *essential service*, the essential services committee must publish a notice to that effect in the Government *Gazette*.
(9) **[The]** A panel appointed by the essential services committee may vary or cancel the designation of the whole or a part of a service as an *essential service* or any determination of a minimum service or ratification of a minimum services agreement, by following the provisions set out in subsections (1) to (8), read with the changes required by the context.''.

Substitution of section 72 of Act 66 of 1995

13. The following section is hereby substituted for section 72 of the principal Act:

''**Minimum services**

72. (1) When making a determination in terms of section 71, a panel of the essential services committee may issue an order—
(a) directing the parties to negotiate a minimum services agreement as contemplated in this section within a period specified in the order;
(b) if an agreement is not negotiated within the specified period, permitting either party to refer the matter to conciliation at the Commission or a *bargaining council* having jurisdiction.
(2) If the parties fail to conclude a *collective agreement* providing for the maintenance of minimum services or if a *collective agreement* is not ratified, a panel appointed by the essential services committee may determine the minimum services that are required to be maintained in an essential service.
(3) If a panel appointed by the essential services committee ratifies a *collective agreement* that provides for the maintenance of minimum services in a service designated as an essential service or if it determines such a minimum service which is binding on the employer and the *employees* involved in that service—
(a) the agreed or determined minimum services are to be regarded as an essential service in respect of the employer and its *employees*; and
(b) the provisions of section 74 do not apply.
(4) A minimum service determination—
(a) is valid until varied or revoked by the essential services committee; and
(b) may not be varied or revoked for a period of 12 months after it has been made.
(5) Despite subsections (3) and (4), section 74 applies to a designated essential service in respect of which the essential services committee has made a determination of minimum services if the majority of *employees* employed in the essential services voted in a ballot in favour of this.

Regulasies vir komitee vir noodsaaklike dienste

70F. (1) Die Minister, na oorleg met die komitee vir noodsaaklike dienste, kan regulasies uitvaardig in verband met die—

(a) funksionering van die komitee vir noodsaaklike dienste; en

(b) panele deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel.

(2) Die reëls deur die Kommissie gemaak ingevolge artikel 115(2)*(c*A*)*(ii) bly van krag totdat dit vervang word deur regulasies ingevolge subartikel (1) uitgevaardig.''.

Wysiging van artikel 71 van Wet 66 van 1995

12. Artikel 71 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (8) en (9) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

''(8) Indien die paneel deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel 'n diens, in die geheel of vir 'n gedeelte daarvan, as 'n *noodsaaklike diens* aanwys, moet die komitee vir noodsaaklike dienste 'n kennisgewing te dien effekte in die *Staatskoerant* laat publiseer.

(9) **[Die]** 'n Paneel deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel kan die aanwysing van 'n diens in die geheel of vir 'n gedeelte daarvan, as 'n *noodsaaklike diens* of enige vasstelling van 'n minimumdiens of bekragtiging van 'n minimumdiens-ooreenkoms, wysig of intrek deur die bepalings in subartikels (1) tot (8) uiteengesit, saamgelees met die veranderinge wat in die konteks nodig is, te volg.''.

Vervanging van artikel 72 van Wet 66 van 1995

13. Artikel 72 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Minimumdienste**

72. (1) By die maak van 'n vasstelling ingevolge artikel 71, kan 'n paneel van die komitee vir noodsaaklike dienste 'n bevel uitreik—

(a) wat die partye gelas om 'n minimumdiens-ooreenkoms te beding soos in hierdie artikel beoog binne 'n tydperk in die bevel vermeld;

(b) indien 'n ooreenkoms nie binne die vermelde tydperk bereik word nie, een van die partye toelaat om die aangeleentheid na die Kommissie, of 'n *bedingingsraad* wat jurisdiksie het, te verwys vir bemiddeling.

(2) Indien die partye in gebreke bly om 'n *kollektiewe ooreenkoms* aan te gaan wat vir die instandhouding van minimumdienste voorsiening maak of indien 'n *kollektiewe ooreenkoms* nie bekragtig word nie, kan 'n paneel deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel die minimumdienste vasstel wat in 'n noodsaaklike diens in stand gehou moet word.

(3) Indien 'n paneel deur die komitee vir noodsaaklike dienste aangestel, 'n *kollektiewe ooreenkoms* bekragtig wat voorsiening maak vir die handhawing van minimumdienste in 'n diens aangewys as 'n noodsaaklike diens of indien dit so 'n minimumdiens bepaal wat bindend is op die werkgewer en *werknemers* in daardie diens betrokke—

(a) moet die ooreengekome of vermelde minimumdienste as 'n noodsaaklike diens ten opsigte van die werkgewer en sy *werknemers* beskou word; en

(b) die bepalings van artikel 74 is nie van toepassing nie.

(4) 'n Minimumdiensvasstelling—

(a) is geldig totdat dit gevarieer of teruggetrek word deur die komitee vir noodsaaklike dienste; en

(b) mag vir 'n tydperk van 12 maande nadat dit gemaak is, nie gevarieer of teruggetrek word nie.

(5) Ondanks subartikels (3) en (4), is artikel 74 van toepassing op 'n aangewese noodsaaklike diens ten opsigte waarvan die komitee vir noodsaaklike dienste 'n vasstelling van minimumdienste gemaak het, indien die meerderheid *werknemers* in diens van die noodsaaklike dienste in 'n stemming per stembrief ten gunste hiervan gestem het.

(6) Subsection (5) does not apply to a *dispute* in respect of which a notice of a *strike* or *lock-out* has been issued prior to the holding of the ballot.

(7) Despite subsection (4), a panel may vary a determination by ratifying a *collective agreement* concluded between or on behalf of one or more—

(a) *trade unions* representing a majority of the *employees* covered by the determination; and

(b) employers employing the majority of the *employees* covered by the determination.

(8) Any party to negotiations concerning a minimum services agreement may, subject to any applicable *collective agreement*, refer a *dispute* arising from those negotiations to the Commission or a *bargaining council* having jurisdiction for conciliation and, if an agreement is not concluded, to the essential services committee for determination.''.

Amendment of section 73 of Act 66 of 1995

14. Section 73 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

''**Disputes about minimum services and about whether a service is an essential service**'';

(b) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''Any party to a *dispute* about **[either]** one or more of the following issues may refer the *dispute* in writing to the essential services committee—''; and

(c) by the deletion in subsection (1) of the word ''or'' at the end of paragraph *(a)* and the addition of the following paragraphs:

''*(c)* whether or not the employer and a registered *trade union* or trade unions representing *employees* in the *essential service* should conclude a *collective agreement* that provides for the maintenance of minimum services in that service; and

(d) the terms of such a *collective agreement*.''.

Amendment of section 74 of Act 66 of 1995, as amended by section 21 of Act 42 of 1996

15. Section 74 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''**[Any]** Subject to section 73(1), any party to a *dispute* that is precluded from participating in a *strike* or a *lock-out* because that party is engaged in an *essential service* may refer the *dispute* in writing to—''.

Insertion of section 103A in Act 66 of 1995

16. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 103:

''**Appointment of administrator**

103A. (1) The Labour Court may order that a suitable person, who may be a Commissioner, be appointed to administer a *trade union* or *employers' organisation* on such conditions as the Court may determine if the—

(a) Court is satisfied that it is just and equitable to do so; and

(b) *trade union* or *employers' organisation* has resolved that an administrator be appointed and has applied to the Court for an order to give effect to that resolution; or

(c) *registrar* has applied to the Court to appoint an administrator.

(6) Subartikel (5) is nie van toepassing nie op 'n *geskil* ten opsigte waarvan 'n kennisgewing van 'n *staking* of *uitsluiting* voor die stemming per stembrief, uitgereik is.

(7) Ondanks subartikel (4), kan 'n paneel 'n vasstelling varieer deur 'n *kollektiewe ooreenkoms* te bekragtig soos gesluit tussen of namens een of meer—

(a) *vakbonde* wat 'n meerderheid van die *werknemers* wat deur die vasstelling gedek word, verteenwoordig; en

(b) werkgewers wat die meerderheid van die *werknemers* gedek deur die vasstelling, in diens het.

(8) Enige party tot onderhandelings oor 'n minimumdiens-ooreenkoms kan, behoudens enige toepaslike *kollektiewe ooreenkoms*, 'n *geskil* na aanleiding van daardie onderhandelings na die Kommissie of 'n *bedingingsraad* wat jurisdiksie het, vir bemiddeling verwys en, indien 'n ooreenkoms nie gesluit word nie, na die komitee vir noodsaaklike dienste vir vasstelling.''.

Wysiging van artikel 73 van Wet 66 van 1995

14. Artikel 73 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

''**Geskille oor minimumdienste en oor kwessie of diens 'n noodsaaklike diens is**'';

(b) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Enige party by 'n *geskil* by **[óf die een óf die ander]** een of meer van die volgende kwessies, kan die *geskil* skriftelik na die komitee vir noodsaaklike dienste verwys—''; en

(c) deur in subartikel (1) die woord ''of'' aan die einde van paragraaf *(a)* te skrap en die volgende paragrawe by te voeg:

''*(c)* of die werkgewer en 'n geregistreerde *vakbond* of vakbonde wat *werknemers* in die *noodsaaklike diens* verteenwoordig 'n *kollektiewe ooreenkoms* moet sluit wat voorsiening maak vir die instandhouding van minimumdienste vir daardie diens, al dan nie; en

(d) die bedinge van sodanige *kollektiewe ooreenkoms*.''.

Wysiging van artikel 74 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 42 van 1996

15. Artikel 74 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''**['n Party]** Behoudens artikel 73(1), kan 'n party by 'n *geskil* wat deelname aan 'n *staking* of 'n *uitsluiting* belet word omdat daardie party met 'n *noodsaaklike diens* gemoeid is, kan die *geskil* skriftelik verwys na—''.

Invoeging van artikel 103A in Wet 66 van 1995

16. Die volgende artikel word hierby na artikel 103 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Aanstelling van administrateur**

103A. (1) Die Arbeidshof kan gelas dat 'n geskikte persoon, wat 'n Kommissaris kan wees, aangestel word om 'n *vakbond* of *werkgewersorganisasie* te administreer op sodanige voorwaardes wat die Hof kan bepaal indien die—

(a) Hof tevrede is dat dit regverdig en billik is om dit te doen; en

(b) *vakbond* of *werkgewersorganisasie* besluit het dat 'n administrateur aangestel moet word en by die Hof aansoek gedoen het om 'n bevel ten einde uitvoering aan die besluit te gee; of

(c) *registrateur* by die Hof aansoek gedoen het om die aanstelling van 'n administrateur.

(2) Without limiting the generality of subsection (1)*(a)*, it may be just and equitable to make an order in terms of subsection (1) if—

(a) the *trade union* or *employers' organisation* fails materially to perform its functions; or

(b) there is serious mismanagement of the finances of the *trade union* or *employers' organisation*.

(3) If there are any persons not represented before the Labour Court whose interests may be affected by an order in terms of subsection (1), the Court must consider their interests before deciding whether or not to grant the order.

(4) *(a)* The registrar of the Labour Court must determine the administrator's fees.

(b) The Labour Court, in chambers, may review the determination of the registrar of the Labour Court.

(c) The administrator's fees will be paid as an expense of the *trade union* or *employers' organisation*.

(5) The Labour Court may, on the application by the *trade union, employer's organisation* or *registrar*—

(a) vary or amend any prior order made in terms of this section; or

(b) if it is satisfied that an administrator is no longer required, terminate the appointment of the administrator, on appropriate conditions.''.

Amendment of section 111 of Act 66 of 1995

17. Section 111 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

''(5) An appeal in terms of this section against a decision by the *registrar* in terms of section 106 does not suspend the operation of the *registrar's* decision.''.

Amendment of section 115 of Act 66 of 1995, as amended by section 31 of Act 42 of 1996, section 6 of Act 127 of 1998 and section 22 of Act 12 of 2002

18. Section 115 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the deletion in subsection (1) of the word ''and'' at the end of paragraph *(c)*, the insertion of the word ''and'' at the end of paragraph *(d)* and the addition of the following paragraph:

''*(e)* at least every second year, review any rules made in terms of this section.'';

(b) by the insertion in subsection (2) after paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b*A*)* if requested, provide assistance of an administrative nature to an *employee* earning less than the threshold prescribed by the *Minister* under section 6(3) of the *Basic Conditions of Employment Act* to serve any notice or document in respect of conciliation or arbitration proceedings in terms of *this Act*, provided that the *employee* remains responsible in law for any such service;'';

(c) by the deletion in subsection (2)(*c*A) of subparagraph (ii);

(d) by the substitution in subsection (2A) for paragraph (*k*) of the following paragraph:

''*(k)* the right of any **[person or category of persons to represent any]** party to be represented by any person or category of persons in any conciliation or arbitration proceedings, including the regulation or limitation of the right to be represented in those proceedings;'';

(e) by the insertion in subsection (2A) of the following paragraph after paragraph (*k*):

''*(k*A*)* the consequences for any party to conciliation or arbitration proceedings for not attending those proceedings;''; and

(2) Sonder om die algemeenheid van subartikel (1)*(a)* te beperk, kan dit regverdig en billik wees om 'n bevel ingevolge subartikel (1) uit te reik indien—

(a) die *vakbond* of *werkgewersorganisasie* wesenlik daarin faal om sy werksaamhede te verrig; of

(b) daar ernstige wanbestuur van die finansies van die *vakbond* of *werkgewersorganisasie* is.

(3) Indien enige persone wie se belange deur die bevel ingevolge subartikel (1) geraak kan word nie voor die Arbeidshof verteenwoordig is nie, moet die Hof hul belange oorweeg voordat daar besluit word of die bevel toegestaan moet word, al dan nie.

(4) *(a)* Die griffier van die Arbeidshof moet die administrateur se gelde bepaal.

(b) Die Arbeidshof kan die bepaling van die griffier van die Arbeidshof in kamera hersien.

(c) Die administrateur se gelde sal as 'n uitgawe van die *vakbond* of *werkgewersorganisasie* betaal word.

(5) Die Arbeidshof kan, by aansoek deur die *vakbond*, *werkgewersorganisasie* of *registrateur*—

(a) enige vorige bevel wat ingevolge hierdie artikel gemaak is varieer of wysig; of

(b) indien hy oortuig is dat 'n administrateur nie meer vereis word nie, die aanstelling van die administrateur volgens toepaslike voorwaardes beëindig.''.

Wysiging van artikel 111 van Wet 66 van 1995

17. Artikel 111 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

''(5) 'n Appèl ingevolge hierdie artikel teen 'n beslissing deur die *registrateur* ingevolge artikel 106 skort nie die werking van die *registrateur* se beslissing op nie.''.

Wysiging van artikel 115 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 31 van Wet 42 van 1996, artikel 6 van Wet 127 van 1998 en artikel 22 van Wet 12 van 2002

18. Artikel 115 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woord ''en'' aan die einde van paragraaf *(c)* te skrap, deur die woord ''en'' aan die einde van paragraaf *(d)* in te voeg en die volgende paragraaf by te voeg:

''*(e)* ten minste elke tweede jaar, enige reëls ingevolge hierdie artikel gemaak, hersien.'';

(b) deur na paragraaf *(b)* in subartikel (2) die volgende paragraaf in te voeg:

''*(b*A*)* indien daartoe versoek, bystand van 'n administratiewe aard verleen aan 'n *werknemer* wat minder verdien as die drempel wat die *Minister* kragtens artikel 6(3) van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* gestel het, om 'n kennisgewing of dokument ten opsigte van versoenings- of arbitrasieverrigtinge ingevolge *hierdie Wet* te beteken, met dien verstande dat die *werknemer* volgens wet verantwoordelik bly vir enige sodanige betekening;'';

(c) deur subparagraaf (ii) in subartikel (2)*(c*A*)* te skrap;

(d) deur paragraaf *(k)* in subartikel (2A) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(k)* die reg van enige **[persoon of kategorie persone om enige]** party om deur 'n persoon of kategorie persone in enige versoenings- of arbitrasieverrigtinge **[te]** verteenwoordig te word, met inbegrip van die reëling of beperking van die reg om in daardie verrigtinge verteenwoordig te word;'';

(e) deur na paragraaf *(k)* in subartikel (2A) die volgende paragraaf in te voeg:

''*(k*A*)* die gevolge vir enige party tot versoenings- of arbitrasieverrigtinge vir versuim om daardie verrigtinge by te woon;''; en

(f) by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"**[If asked, the]** The Commission may provide *employees*, employers, registered *trade unions*, registered *employers' organisations*, federations of *trade unions*, federations of *employers' organisations* or *councils* with advice or training relating to the primary objects of *this Act* or any other employment law, including but not limited to—".

Amendment of section 138 of Act 66 of 1995, as amended by section 10 of Act 127 of 1998 and section 27 of Act 12 of 2002

19. Section 138 of the principal Act is hereby amended by the deletion in subsection (7) of paragraph *(c)*.

Amendment of section 143 of Act 66 of 1995, as amended by section 32 of Act 12 of 2002

20. Section 143 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) An arbitration award issued by a commissioner is final and binding and it may be enforced as if it were an order of the Labour Court in respect of which a writ has been issued, unless it is an advisory arbitration award.";

(b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) If a party fails to comply with an arbitration award certified in terms of subsection (3) that orders the performance of an act, other than the payment of an amount of money, any other party to the award may, without further order, enforce it by way of contempt proceedings instituted in the Labour Court."; and

(c) by the addition of the following subsections:

"(5) Despite subsection (1), an arbitration award in terms of which a party is required to pay an amount of money must be treated for the purpose of enforcing or executing that award as if it were an order of the Magistrate's Court.

(6) Subsections (1), (4) and (5), as amended by the Labour Relations Amendment Act, 2014, takes effect on the date of commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, and applies to an arbitration award issued after such commencement date.".

Amendment of section 144 of Act 66 of 1995, as substituted by section 33 of Act 12 of 2002

21. Section 144 of the principal Act is hereby amended by the deletion of the word "or" at the end of paragraph *(b)*, the insertion of the word "or" at the end of paragraph *(c)* and the addition of the following paragraph:

"*(d)* made in the absence of any party, on good cause shown.".

Amendment of section 145 of Act 66 of 1995, as amended by section 34 of Act 12 of 2002 and section 36 of Act 12 of 2004

22. Section 145 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsections:

"(5) Subject to the rules of the Labour Court, a party who brings an application under subsection (1) must apply for a date for the matter to be heard within six months of delivery of the application, and the Labour Court may, on good cause shown, condone a late application for a date for the matter to be heard.

(f) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"**[Indien daarom gevra, kan die]** Die Kommissie kan aan *werknemers*, werkgewers, geregistreerde *vakbonde*, geregistreerde *werkgewers-organisasies*, federasies van *vakbonde*, federasies van *werkgewers-organisasies* of *rade* advies gee of opleiding verskaf in verband met aangeleenthede wat betrekking het op die hoofoogmerke van *hierdie Wet* of enige ander indiensnemingswet, wat insluit, maar nie beperk is nie, tot—".

Wysiging van artikel 138 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 127 van 1998 en artikel 27 van Wet 12 van 2002

19. Artikel 138 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* in subartikel (7) te skrap.

Wysiging van artikel 143 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 32 van Wet 12 van 2002

20. Artikel 143 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Arbitrasietoekenning deur 'n kommissaris uitgereik, is finaal en bindend, en dit kan afgedwing word asof dit 'n bevel van die Arbeidshof ten opsigte waarvan 'n bevelskrif uitgereik is, tensy dit 'n adviserende arbitrasietoekenning is.";

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Indien 'n party versuim om 'n arbitrasietoekenning ingevolge subartikel (3) gesertifiseer na te kom wat gelas dat 'n handeling verrig word, uitgesonderd die betaling van 'n bedrag geld, kan enige ander party by die toekenning dit, sonder 'n verdere bevel, afdwing deur middel van minagtingsverrigtinge wat in die Arbeidshof ingestel word."; en

(c) deur die volgende subartikels by te voeg:

"(5) Ondanks subartikel (1), moet 'n arbitrasietoekenning ingevolge waarvan 'n party verplig word om 'n bedrag geld te betaal ten einde dit af te dwing of daardie toekenning uit te oefen, behandel word asof dit 'n bevel van die Landdroshof was.

(6) Subartikels (1), (4) en (5), soos gewysig deur die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, tree in werking op die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, en is van toepassing op 'n arbitrasietoekenning wat na sodanige inwerkingtredingsdatum uitgereik is.".

Wysiging van artikel 144 van Wet 66 van 1995, soos vervang deur artikel 33 van Wet 12 van 2002

21. Artikel 144 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord "of" aan die einde van paragraaf *(b)* te skrap, die woord "of" aan die einde van paragraaf *(c)* in te voeg en die volgende paragraaf by te voeg:

"*(d)* wat in die afwesigheid van enige party gedoen is, by die aanvoer van goeie gronde.".

Wysiging van artikel 145 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 34 van Wet 12 van 2002 en artikel 36 van Wet 12 van 2004

22. Artikel 145 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

"(5) Behoudens die reëls van die Arbeidshof, moet 'n party wat 'n aansoek kragtens subartikel (1) doen, aansoek doen om 'n datum vir die aanhoor van die vraagstuk binne ses maande van lewering van die aansoek, en die Arbeidshof kan, by die aanvoer van goeie gronde, 'n laat aansoek vir 'n datum vir die aanhoor van die aangeleentheid kondoneer.

(6) Judgment in an application brought under subsection (1) must be handed down as soon as reasonably possible.

(7) The institution of review proceedings does not suspend the operation of an arbitration award, unless the applicant furnishes security to the satisfaction of the Court in accordance with subsection (8).

(8) Unless the Labour Court directs otherwise, the security furnished as contemplated in subsection (7) must—

(a) in the case of an order of reinstatement or re-employment, be equivalent to 24 months' remuneration; or

(b) in the case of an order of compensation, be equivalent to the amount of compensation awarded.

(9) An application to set aside an arbitration award in terms of this section interrupts the running of prescription in terms of the Prescription Act, 1969 (Act No. 68 of 1969), in respect of that award.

(10) Subsections (5) to (8) apply to an application brought after the date of commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014 and subsection (9) applies to an arbitration award issued after such commencement date.''.

Amendment of section 147 of Act 66 of 1995, as amended by section 41 of Act 42 of 1996

23. Section 147 of the principal Act is hereby amended by insertion after subsection (6) of the following subsection:

''(6A) For the purpose of making a decision in terms of subsection (6), the Commission must appoint a commissioner to resolve the *dispute*—

(a) if an *employee* earning less than the threshold prescribed by the *Minister*, in terms of section 6(3) of the *Basic Conditions of Employment Act*, is required to pay any part of the cost of the private *dispute* resolution procedures; or

(b) if the person or body appointed to resolve the *dispute* is not independent of the employer.''.

Substitution of section 150 of Act 66 of 1995, as amended by section 35 of Act 12 of 2002

24. The following section is hereby substituted for section 150 of the principal Act:

''**Commission may appoint commissioner to conciliate in public interest**

150. (1) Despite any provision to the contrary in *this Act*, the *director* may appoint one or more commissioners who must attempt to resolve the *dispute* through conciliation, whether or not that *dispute* has been referred to the Commission or a *bargaining council*—

(a) with the consent of the parties; or

(b) in the absence of consent by the parties, if the *director* believes it is in the public interest to do so.

(2) Before appointing a commissioner in terms of this section, the *director* must consult—

(a) the parties to the *dispute*; and

(b) the secretary of a *bargaining council* with jurisdiction over the parties to the *dispute*.

(3) The *director* may appoint a commissioner who has already conciliated that *dispute*.

(4) In addition, to assist a commissioner appointed in terms of subsection (1), the *director* may appoint—

(a) one person from a list of at least five names submitted by the representatives of organised labour on the governing body of the Commission; and

(b) one person from a list of at least five names submitted by the representatives of organised business on the governing body of the Commission.

(6) 'n Uitspraak in 'n aansoek kragtens subartikel (1) gedoen moet so gou as redelik moontlik gelewer word.

(7) Die instelling van oorsigverrigtinge skort nie die operasie van 'n arbitrasietoekenning op nie, tensy die aansoeker ooreenkomstig subartikel (8) waarborg voorsien wat die Hof tevrede stel.

(8) Tensy die Arbeidshof anders gelas, moet die waarborg wat soos beoog in subartikel (7) voorsien is—

(a) in die geval van 'n bevel van herinstelling of herindiensneming, gelykstaande aan 24 maande se besoldiging wees; of

(b) in die geval van 'n bevel vir vergoeding, gelykstaande wees aan die bedrag van vergoeding wat toegestaan is.

(9) 'n Aansoek om die tersydestelling van 'n arbitrasietoekenning ingevolge hierdie artikel stuit die loop van verjaring ingevolge die Verjaringswet, 1969 (Wet No. 68 van 1969), ten opsigte van daardie toekenning.

(10) Subartikels (5) tot (8) is van toepassing op 'n aansoek wat na die inwerkingtredingsdatum van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, gedoen is en subartikel (9) is van toepassing op 'n arbitrasietoekenning wat na sodanige inwerkingtredingsdatum uitgereik is.''.

Wysiging van artikel 147 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 41 van Wet 42 van 1996

23. Artikel 147 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (6) in te voeg:

''(6A) Ten einde 'n besluit ingevolge subartikel (6) te neem, moet die Kommissie 'n kommissaris aanstel om die *geskil* te besleg—

(a) indien van 'n *werknemer* wat minder verdien as die drempel deur die *Minister* voorgeskryf, ingevolge artikel 6(3) van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*, vereis word om enige deel van die koste van die private *geskil*beslegtingsprosedure te betaal; of

(b) indien die persoon of liggaam wat aangestel is om die *geskil* te besleg nie onafhanklik van die werkgewer is nie.''.

Vervanging van artikel 150 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 35 van Wet 12 van 2002

24. Artikel 150 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Kommissie kan kommissaris aanstel om in openbare belang te versoen**

150. (1) Ten spyte van enige bepaling tot die teendeel in *hierdie Wet*, kan die *direkteur* een of meer kommissarisse aanstel wat moet poog om die *geskil* deur versoening te besleg, hetsy daardie *geskil* na die Kommissie of 'n *bedingingsraad* verwys is—

(a) met die toestemming van die partye; of

(b) indien daar geen toestemming van die partye is nie, indien die *direkteur* meen dit is in die openbare belang om dit te doen.

(2) Voor aanstelling van 'n kommissaris ingevolge hierdie artikel, moet die *direkteur* oorleg pleeg met—

(a) die partye tot die *geskil*; en

(b) die sekretaris van 'n *bedingingsraad* met jurisdiksie oor die partye tot die *geskil*.

(3) Die *direkteur* kan 'n kommissaris aanstel wat reeds daardie *geskil* bemiddel het.

(4) Daarbenewens kan die *direkteur*, om 'n kommissaris te help wat ingevolge subartikel (1) aangestel is—

(a) een persoon van 'n lys van ten minste vyf name voorgelê deur die verteenwoordigers van georganiseerde arbeid in die beheerliggaam van die Kommissie aanstel; en

(b) een persoon van 'n lys van ten minste vyf name voorgelê deur die verteenwoordigers van georganiseerde besigheid in die beheerliggaam van die Kommissie aanstel.

(5) Unless the parties to the *dispute* agree otherwise, the appointment of a commissioner in terms of this section does not affect any entitlement, of an *employee* to *strike* or an employer to *lock-out*, that the party to the dispute may have acquired in terms of Chapter IV.''.

Amendment of section 157 of Act 66 of 1995, as amended by section 14 of Act 127 of 1998

25. Section 157 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

''(5) Except as provided for in section 158(2), the Labour Court does not have jurisdiction to adjudicate an unresolved *dispute* if *this Act* or any *employment law* requires the *dispute* to be resolved through arbitration.''.

Amendment of section 158 of Act 66 of 1995, as amended by section 44 of Act 42 of 1996 and section 36 of Act 12 of 2002

26. Section 158 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* order compliance with any provision of *this Act* or any *employment law*;'';

(b) by the insertion after subsection (1A) of the following subsection:

''(1B) The Labour Court may not review any decision or ruling made during conciliation or arbitration proceedings conducted under the auspices of the Commission or any *bargaining council* in terms of the provisions of *this Act* before the *issue in dispute* has been finally determined by the Commission or the *bargaining council,* as the case may be, except if the Labour Court is of the opinion that it is just and equitable to review the decision or ruling made before the *issue in dispute* has been finally determined.'';

(c) by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* **[with the consent of the parties and]** if it is expedient to do so, continue with the proceedings **[with the Court sitting as an arbitrator]**, in which case the Court may only make any order that a commissioner or arbitrator would have been entitled to make: Provided that in relation to the question of costs, the provisions of section 162(2)*(a)* are applicable.''; and

(d) by the addition of the following subsection:

''(5) A judgment of the Labour Court must be handed down as soon as reasonably possible.''.

Amendment of section 159 of Act 66 of 1995, as amended by section 45 of Act 42 of 1996 and section 15 of Act 127 of 1998

27. Section 159 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

''(11) The Judge President must ensure that the Rules Board for Labour Courts meet at least once every two years to review the rules of the Labour Court.''.

Amendment of section 161 of Act 66 of 1995, as amended by section 16 of Act 127 of 1998 and section 37 of Act 12 of 2002

28. Section 161 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(c)* of the following paragraph:

''*(c)* any **[member,]** *office-bearer* or *official* of that party's registered *trade union* or registered *employers' organisation*;''; and

(5) Tensy die partye tot die *geskil* anders ooreenkom, raak die aanstelling van 'n kommissaris ingevolge hierdie artikel nie enige reg van 'n *werknemer* om te *staak* of van 'n werkgewer om *uit te sluit* nie, wat die party tot die geskil ingevolge Hoofstuk IV kon verkry het.''.

Wysiging van artikel 157 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 127 van 1998

25. Artikel 157 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

''(5) Behalwe soos in artikel 158(2) bepaal, het die Arbeidshof nie jurisdiksie om 'n onbeslegte *geskil* te bereg indien *hierdie Wet* of enige *dienswet* vereis dat die *geskil* deur arbitrasie besleg moet word nie.''.

Wysiging van artikel 158 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 44 van Wet 42 van 1996 en artikel 36 van Wet 12 van 2002

26. Artikel 158 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(b)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* nakoming van enige bepaling van *hierdie Wet* of enige *dienswet* gelas;'';

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (1A) in te voeg:

''(1B) Die Arbeidshof mag geen besluit of beslissing hersien wat gemaak is tydens versoenings- of arbitrasieverrigtinge onder beskerming van die Kommissie of enige *bedingingsraad* ingevolge *hierdie Wet* gehou voor die *vraagstuk in geskil* finaal deur die Kommissie of die *bedingingsraad*, na gelang van die geval, vasgestel is nie, behalwe indien die Arbeidshof van mening is dat dit regverdig en billik is om die besluit of beslissing wat gemaak is te hersien voor die *vraagstuk in geskil* finaal vasgestel is.'';

(c) deur paragraaf *(b)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* **[met die instemming van die partye en]** indien dit dienstig is om dit te doen, voortgaan met die verrigtinge **[met die Hof wat as arbiter sit]**, in welke geval die Hof net 'n bevel kan uitreik wat 'n kommissaris of arbiter sou kon gemaak het: Met dien verstande dat die bepalings van artikel 162(2)*(a)* in verband met kostes van toepassing is.''; en

(d) deur die volgende subartikel by te voeg:

''(5) 'n Uitspraak van die Arbeidshof moet so gou as redelik moontlik gelewer word.''.

Wysiging van artikel 159 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 45 van Wet 42 van 1996 en artikel 15 van Wet 127 van 1998

27. Artikel 159 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

''(11) Die Regter-president moet toesien dat die Reëlsraad vir Arbeidshowe ten minste eenkeer elke twee jaar vergader om die reëls van die Arbeidshof te hersien.''.

Wysiging van artikel 161 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 127 van 1998 en artikel 37 van Wet 12 van 2002

28. Artikel 161 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(c)* enige **[lid,]** *ampsdraer* of *beampte* van daardie party se geregistreerde *vakbond* of geregistreerde *werkgewersorganisasie*;''; en

(b) by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

"(2) No person representing a party in proceedings before the Labour Court in a capacity contemplated in paragraphs *(b)* to *(e)* of subsection (1) may charge a fee or receive a financial benefit in consideration for agreeing to represent that party unless permitted to do so by order of the Labour Court.".

Amendment of section 168 of Act 66 of 1995, as amended by section 46 of Act 42 of 1996 and section 19 of Act 127 of 1998

29. Section 168 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* such number of other judges who are judges of the Labour Court or High Court, as may be required for the effective functioning of the Labour Appeal Court.".

Amendment of section 186 of Act 66 of 1995, as amended by section 95 of Act 75 of 1997 and section 41 of Act 12 of 2002

30. Section 186 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraphs *(a)* and *(b)* of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* an employer has terminated **[a contract of]** employment with or without notice;

(b) an *employee* employed in terms of a fixed term contract of employment reasonably expected the employer—

(i) to renew a fixed term contract of employment on the same or similar terms but the employer offered to renew it on less favourable terms, or did not renew it; or

(ii) to retain the *employee* in employment on an indefinite basis but otherwise on the same or similar terms as the fixed term contract, but the employer offered to retain the *employee* on less favourable terms, or did not offer to retain the *employee*."; and

(b) by the substitution in subsection (1) for paragraphs *(e)* and *(f)* of the following paragraphs, respectively:

"*(e)* an *employee* terminated **[a contract of]** employment with or without notice because the employer made continued employment intolerable for the *employee***[.]**; or

(f) an *employee* terminated **[a contract of]** employment with or without notice because the new employer, after a transfer in terms of section 197 or section 197A, provided the *employee* with conditions or circumstances at work that are substantially less favourable to the *employee* than those provided by the old employer.".

Amendment of section 187 of Act 66 of 1995

31. Section 187 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* **[to compel the *employee*]** a refusal by *employees* to accept a demand in respect of any matter of mutual interest between **[the]** them and their employer **[and *employee*]**;".

Amendment of section 188A of Act 66 of 1995

32. Section 188A of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the heading of the following heading:

"**[Agreement for pre-dismissal arbitration] Inquiry by arbitrator**";

(b) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) An employer may, with the consent of the *employee* or in accordance with a collective agreement, request a *council*, an accredited agency or the Commission to appoint an arbitrator to conduct an

(b) deur die volgende subartikel by te voeg, sodat die bestaande artikel subartikel (1) word:

"(2) Geen persoon wat 'n party in verrigtinge voor die Arbeidshof verteenwoordig in 'n kapasiteit in paragrawe *(b)* tot *(e)* van subartikel (1) beoog, mag gelde hef nie of 'n finansiële voordeel as vergoeding ontvang omdat hy of sy ingestem het om daardie party te verteenwoordig nie, tensy 'n bevel van die Arbeidshof dit toelaat.".

Wysiging van artikel 168 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 46 van Wet 42 van 1996 en artikel 19 van Wet 127 van 1998

29. Artikel 168 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* so 'n getal ander regters, wat regters van die Arbeidshof of Hooggeregshof is, as wat nodig mag wees vir die doeltreffende funksionering van die Arbeidsappèlhof.".

Wysiging van artikel 186 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 95 van Wet 75 van 1997 en artikel 41 van Wet 12 van 2002

30. Artikel 186 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragrawe *(a)* en *(b)* in subartikel (1) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(a)* 'n werkgewer **['n dienskontrak]** met of sonder kennisgewing diens beëindig het;

(b) 'n *werknemer* ingevolge 'n vastetermyndienskontrak in diens geneem redelikerwys van die werkgewer verwag het—

(i) om 'n vastetermyndienskontrak op dieselfde of soortgelyke voorwaardes te hernieu, terwyl die werkgewer aangebied het om dit op minder gunstige voorwaardes te hernieu, of dit nie hernieu het nie; of

(ii) om die *werknemer* op 'n onbepaalde grondslag te behou maar andersins op dieselfde of soortgelyke voorwaardes as die vastetermyndienskontrak, maar die werkgewer het aangebied om die *werknemer* op minder gunstige voorwaardes te behou, of het nie aangebied om die *werknemer* te behou nie."; en

(b) deur in subartikel (1) paragrawe *(e)* en *(f)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(e)* 'n *werknemer* **['n dienskontrak]** diens met of sonder kennisgewing beëindig het omdat die werkgewer voortgesette diens vir die *werknemer* ondraaglik gemaak het**[.]**; of

(f) 'n *werknemer* **['n dienskontrak]** diens beëindig het met of sonder kennisgewing omdat die nuwe werkgewer na 'n oordrag ingevolge artikel 197 of 197A die *werknemer* voorsien het van toestande of omstandighede by die werk wat wesenlik minder gunstig vir die *werknemer* is as dié wat deur die ou werkgewer verskaf is.".

Wysiging van artikel 187 van Wet 66 van 1995

31. Artikel 187 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* **[om die *werknemer* te verplig]** 'n weiering deur *werknemers* om 'n eis ten opsigte van enige aangeleentheid van onderlinge belang tussen **[die]** hulle en hul werkgewer **[en die *werknemer*]**, te aanvaar;".

Wysiging van artikel 188A van Wet 66 van 1995

32. Artikel 188A van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:

"**[Arbitrasie voor ontslag] Navraag deur arbiter**";

(b) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Met die instemming van die *werknemer*, of ooreenkomstig 'n kollektiewe ooreenkoms, kan 'n werkgewer 'n *raad*, 'n geakkrediteerde agentskap of die Kommissie versoek om 'n arbiter aan te stel om

[arbitration] inquiry into allegations about the conduct or capacity of that *employee*.'';

(c) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

''(4)*(a)* An *employee* may only consent to **[a pre-dismissal arbitration]** an inquiry in terms of this section after the *employee* has been advised of the allegation referred to in subsection (1) **[and in respect of a specific arbitration]**.

(b) Despite **[subparagraph *(a)*,]** any other provision in *this Act*, an *employee* earning more than the amount determined by the *Minister* in terms of section 6(3) of the *Basic Conditions of Employment Act* at the time, may **[consent]** agree in a contract of employment to the holding of **[a pre-dismissal arbitration in a contract of employment]** an inquiry in terms of this section.'';

(d) by the substitution in subsection (5) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''In any **[arbitration]** inquiry in terms of this section a party to the *dispute* may appear in person or be represented only by—'';

(e) by the substitution in subsection (5) for paragraphs *(c)* and *(d)* of the following paragraphs, respectively:

''*(c)* **[any member,]** an office bearer or official of that party's registered *trade union* or registered *employers' organisation*; or

(d) a *legal practitioner*, on agreement between the parties or if permitted by the arbitrator in accordance with the rules regulating representation at an arbitration before the Commission.'';

(f) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

''(6) Section 138, read with the changes required by the context, applies to any **[arbitration]** inquiry in terms of this section.'';

(g) by the substitution in subsection (7) for paragraphs *(a)* and *(b)* of the following paragraphs, respectively:

''*(a)* the secretary of the *council*, if the **[arbitration]** inquiry is held under the auspices of the *council*;

(b) the *director* of the accredited agency, if the **[arbitration]** inquiry is held under the auspices of an accredited agency.'';

(h) by the substitution for subsections (8), (9) and (10) of the following subsections, respectively:

''(8) The ruling of the arbitrator in an inquiry has the same status as an arbitration award, and the provisions of sections 143 to 146 apply with the changes required by the context to any **[award made by an arbitrator in terms of this section]** such ruling.

(9) An arbitrator conducting an **[arbitration]** inquiry in terms of this section must, in the light of the evidence presented and by reference to the criteria of fairness in the Act, **[direct]** rule as to what action, if any, **[should]** may be taken against the *employee*.

(10) *(a)* A private agency may only appoint an arbitrator to conduct an **[arbitration]** inquiry in terms of this section if it is accredited for **[this purpose]** arbitration by the Commission.

(b) A *council* may only appoint an arbitrator to conduct an **[arbitration]** inquiry in terms of this section in respect of which the employer or the *employee* is not a party to the *council*, if the *council* has been accredited for **[this purpose]** arbitration by the Commission.''; and

(i) by the addition of the following subsections:

''(11) Despite subsection (1), if an *employee* alleges in good faith that the holding of an inquiry contravenes the Protected Disclosures Act, 2000 (Act No. 26 of 2000), that *employee* or the employer may require that an inquiry be conducted in terms of this section into allegations by the employer into the conduct or capacity of the *employee.*

(12) The holding of an inquiry by a arbitrator in terms of this section and the suspension of an *employee* on full pay pending the outcome of

[arbitrasie] ondersoek te doen oor bewerings oor die gedrag of bekwaamheid van daardie *werknemer*.'';

(c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

''(4) *(a)* 'n *Werknemer* mag instem tot **['n arbitrasie voor ontslag]** 'n ondersoek ingevolge hierdie artikel slegs nadat die *werknemer* in kennis gestel is van die bewering in subartikel (1) bedoel **[en ten opsigte van 'n bepaalde arbitrasie]**.

(b) Ondanks **[paragraaf** *(a)***]** enige ander bepaling in *hierdie Wet*, kan 'n *werknemer* wat meer verdien as die bedrag deur die *Minister* ingevolge artikel 6(3) van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* op daardie tydstip bepaal, in 'n dienskontrak **[instem]** ooreenstem tot die hou van 'n **[arbitrasie voor ontslag]** ondersoek ingevolge hierdie artikel.'';

(d) deur in subartikel (5) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''In enige **[arbitrasie]** ondersoek ingevolge hierdie artikel kan 'n party by die *geskil* persoonlik verskyn of verteenwoordig word slegs deur—'';

(e) deur in subartikel (5) paragrawe *(c)* en *(d)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

''*(c)* **[enige lid,]** 'n ampsdraer of beampte van daardie party se geregistreerde *vakbond* of geregistreerde *werkgewersorganisasie*; of

(d) by ooreenkoms tussen die partye, of indien die arbiter dit toelaat ooreenkomstig die reëls wat verteenwoordiging by 'n arbitrasie voor die Kommissie reël, 'n *regspraktisyn*.'';

(f) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

''(6) Artikel 138, gelees met die veranderinge wat die konteks vereis, is van toepassing op enige **[arbitrasie]** ondersoek ingevolge hierdie artikel.'';

(g) deur paragrawe *(a)* en *(b)* in subartikel (7) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

''*(a)* die sekretaris van die *raad*, indien die **[arbitrasie]** ondersoek onder beskerming van die *raad* gedoen word;

(b) die *direkteur* van die geakkrediteerde agentskap, indien die **[arbitrasie]** ondersoek onder beskerming van 'n geakkrediteerde agentskap gedoen word.'';

(h) deur subartikels (8), (9) en (10) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

''(8) Die beslissing van 'n arbiter in 'n ondersoek het dieselfde status as 'n arbitrasietoekenning, en die bepalings van artikels 143 tot 146 is van toepassing met die veranderinge deur die samehang vereis op enige **[toekenning wat ingevolge hierdie artikel deur 'n arbiter gedoen word]** sodanige beslissing.

(9) 'n Arbiter wat 'n **[arbitrasie]** ondersoek ingevolge hierdie artikel doen, moet in die lig van die getuienis aangebied en met verwysing na die maatstawwe van billikheid in die Wet, **[gelas]** beslis oor watter stappe, indien wel, teen die *werknemer* gedoen **[moet]** kan word.

(10) *(a)* 'n Private agentskap mag 'n **[arbitrasie]** arbiter aanstel om 'n ondersoek ingevolge hierdie artikel te doen slegs indien hy vir **[die doel]** arbitrasie by die Kommissie geakkrediteer is.

(b) 'n *Raad* mag 'n **[arbitrasie]** arbiter slegs aanstel ingevolge hierdie artikel ten opsigte waarvan die werkgewer of die *werknemer* nie 'n party by die *raad* is nie, om 'n ondersoek te doen slegs indien die *raad* vir **[die doel]** arbitrasie by die Kommissie geakkrediteer is.''; en

(i) deur die volgende subartikels by te voeg:

''(11) Ondanks subartikel (1), indien 'n *werknemer* te goeder trou beweer dat die hou van 'n ondersoek die Wet op Beskermde Bekendmakings, 2000 (Wet No. 26 van 2000), oortree, kan daardie *werknemer* of die werkgewer vereis dat 'n ondersoek ingevolge hierdie artikel gedoen word na bewerings deur die werkgewer oor die optrede of kapasiteit van die *werknemer*.

(12) Die hou van 'n ondersoek deur 'n arbiter ingevolge hierdie artikel en die skorsing van 'n *werknemer* met volle salaris hangende die

such an inquiry do not constitute an occupational detriment as contemplated in the Protected Disclosures Act, 2000 (Act No. 26 of 2000).''.

Amendment of section 189A of Act 66 of 1995, as inserted by section 45 of Act 12 of 2002

33. Section 189A of the principal Act is hereby amended—

(a) by the addition to subsection (2) of the following paragraph:

''*(d)* a consulting party may not unreasonably refuse to extend the period for consultation if such an extension is required to ensure meaningful consultation.''; and

(b) by the deletion of subsection (19).

Amendment of section 190 of Act 66 of 1995

34. Section 190 of the principal Act is hereby amended by the addition to subsection (2) of the following paragraph:

''*(d)* if an employer terminates an *employee's employment* on notice, the date of *dismissal* is the date on which the notice expires or, if it is an earlier date, the date on which the *employee* is paid all outstanding salary.''.

Amendment of section 191 of Act 66 of 1995, as amended by section 25 of Act 127 of 1998 and section 46 of Act 12 of 2002

35. Section 191 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (5) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''If a *council* or a commissioner has certified that the *dispute* remains unresolved, or if 30 days or any further period as agreed between the parties have expired since the *council* or the Commission received the referral and the *dispute* remains unresolved—''; and

(b) by the substitution for subsection (12) of the following subsection:

''(12) **[If an]** An *employee* who is dismissed by reason of the employer's *operational requirements* **[following a consultation procedure in terms of section 189 that applied to that employee only, the *employee*]** may elect to refer the *dispute* either to arbitration or to the Labour Court if—

(a) the employer followed a consultation procedure that applied to that *employee* only, irrespective of whether that procedure complied with section 189;

(b) the employer's *operational requirements* lead to the *dismissal* of that *employee* only; or

(c) the employer employs less than ten *employees*, irrespective of the number of *employees* who are dismissed.''.

Substitution of heading to Chapter IX of Act 66 of 1995

36. The following heading is hereby substituted for the heading to Chapter IX of the principal Act:

''**REGULATION OF NON-STANDARD EMPLOYMENT AND GENERAL PROVISIONS**''.

Amendment of section 198 of Act 66 of 1995

37. Section 198 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* who **[render services to, or]** perform work for **[,]** the client; and'';

(b) by the substitution in subsection (4) for paragraph *(d)* of the following paragraph:

''*(d)* a sectoral determination made in terms of the **[*Wage*]** *Basic Conditions of Employment Act*;''; and

resultaat van so 'n ondersoek stel nie 'n beroepsnadeel daar nie soos beoog in die Wet op Beskermde Bekendmakings, 2000 (Wet No. 26 van 2000).''.

Wysiging van artikel 189A van Wet 66 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 45 van Wet 12 van 2002

33. Artikel 189A van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(d)* 'n oorlegplegende party mag nie onredelik weier om die tydperk vir oorlegpleging te verleng nie indien sodanige verlenging vereis word om betekenisvolle oorleg te verseker.''; en

(b) deur subartikel (19) te skrap.

Wysiging van artikel 190 van Wet 66 van 1995

34. Artikel 190 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf tot subartikel (2) by te voeg:

''*(d)* indien 'n werkgewer 'n *werknemer* se *diens* by kennisgewing beëindig, is die datum van *ontslag* die datum waarop die kennisweging verstryk of, indien dit 'n vroeër datum is, die datum waarop alle uitstaande salaris aan die *werknemer* betaal word.''.

Wysiging van artikel 191 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 127 van 1998 en artikel 46 van Wet 12 van 2002

35. Artikel 191 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (5) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Indien 'n *raad* of 'n kommissaris gesertifiseer het dat die *geskil* steeds onbesleg is, of indien 30 dae of enige verdere tydperk soos deur die partye ooreengekom verloop het sedert die *raad* of die Kommissie die verwysing ontvang het en die *geskil* steeds onbesleg is—''; en

(b) deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang:

''(12) **[Indien]** 'n **[*werknemer*]** *Werknemer* wat ontslaan word omrede die werkgewer se *bedryfsvereistes* **[na 'n proses van oorlegpleging ingevolge artikel 189 wat slegs op daardie *werknemer* van toepassing was,]** kan **[die *werknemer*]** verkies om die *geskil* na arbitrasie of na die Arbeidshof te verwys indien—

(a) die werkgewer 'n oorsigprosedure gevolg het wat slegs op daardie *werknemer* van toepassing was, ongeag of daardie prosedure met artikel 189 ooreengestem het, al dan nie;

(b) die werkgewer se *bedryfsvereistes* lei tot die *ontslag* van daardie *werknemer* alleenlik; of

(c) die werkgewer minder as tien *werknemers* in diens het, afgesien van die getal *werknemers* wat ontslaan word.''.

Vervanging van opskrif van Hoofstuk IX van Wet 66 van 1995

36. Die opskrif van Hoofstuk IX van die Hoofwet word hierby deur die volgende opskrif vervang:

''**REGULERING VAN NIESTANDAARDDIENS EN ALGEMENE BEPALINGS**''.

Wysiging van artikel 198 van Wet 66 van 1995

37. Artikel 198 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(a)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* wat **[aan die kliënt dienste lewer of]** vir die kliënt werk doen; en'';

(b) deur paragraaf *(d)* in subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(d)* 'n sektorale vasstelling ingevolge die **[*Loonwet*]** *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* gemaak;''; en

(c) by the insertion after subsection (4) of the following subsections:

"(4A) If the client of a temporary employment service is jointly and severally liable in terms of section 198(4) or is deemed to be the employer of an *employee* in terms of section 198A(3)*(b)*—

(a) the *employee* may institute proceedings against either the temporary employment service or the client or both the temporary employment service and the client;

(b) a labour inspector acting in terms of the *Basic Conditions of Employment Act* may secure and enforce compliance against the temporary employment service or the client as if it were the employer, or both; and

(c) any order or award made against a temporary employment service or client in terms of this subsection may be enforced against either.

(4B) *(a)* A temporary employment service must provide an *employee* whose service is procured for or provided to a client with written particulars of *employment* that comply with section 29 of the *Basic Conditions of Employment Act*, when the *employee* commences *employment.*

(b) Paragraph *(a)* applies, three months after the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, to a person whose services were procured for or provided to a client by a temporary employment service in terms of subsection 198(1) prior to the commencement of the Labour Relations Act, 2014.

(4C) An *employee* may not be employed by a temporary employment service on terms and conditions of *employment* which are not permitted by *this Act*, any *employment law*, sectoral determination or *collective agreement* concluded in a *bargaining council* applicable to a client to whom the *employee* renders services.

(4D) The issue of whether an *employee* of a temporary employment service is covered by a *bargaining council* agreement or sectoral determination, must be determined by reference to the sector and area in which the client is engaged.

(4E) In any proceedings brought by an *employee,* the Labour Court or an arbitrator may—

(a) determine whether a provision in an *employment* contract or a contract between a temporary employment service and a client complies with subsection (4C); and

(b) make an appropriate order or award.

(4F) No person must perform the functions of a temporary employment service unless it is registered in terms of any applicable legislation, and the fact that a temporary employment service is not registered will not constitute a defence to any claim instituted in terms of this section or 198A.".

Insertion of sections 198A to 198D in Act 66 of 1995

38. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 198:

"**Application of section 198 to employees earning below earnings threshold**

198A. (1) In this section, a 'temporary service' means work for a client by an *employee*—

(a) for a period not exceeding three months;

(b) as a substitute for an *employee* of the client who is temporarily absent; or

(c) in a category of work and for any period of time which is determined to be a temporary service by a *collective agreement* concluded in a *bargaining council*, a sectoral determination or a notice published by the Minister, in accordance with the provisions of subsections (6) to (8).

(c) deur die volgende subartikels na subartikel (4) in te voeg:

"(4A) Indien die kliënt van 'n tydelike werkverskaffingsdiens gesamentlik en afsonderlik ingevolge artikel 198(4) aanspreeklik is of geag word die werkgewer van 'n *werknemer* te wees ingevolge artikel 198A(3)*(b)*—

(a) kan die *werknemer* verrigtinge instel teen die tydelike werkverskaffingsdiens of die kliënt of teen die tydelike werkverskaffingsdiens sowel as die kliënt;

(b) 'n arbeidsinspekteur wat ingevolge die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* optree kan voldoening teen die tydelike werkverskaffingsdiens of die kliënt verkry en afdwing asof hy die werknemer is, of albei; en

(c) enige bevel of toekenning gemaak ingevolge hierdie subartikel teen 'n tydelike werkverskaffingsdiens of kliënt kan teen albei toegepas word.

(4B) *(a)* 'n Tydelike werkverskaffingsdiens moet 'n *werknemer* wie se diens vir 'n kliënt verkry of voorsien word, voorsien van skriftelike besonderhede van *diens* wat voldoen aan artikel 29 van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*, wanneer die *werknemer diens* begin.

(b) Paragraaf *(a)* is van toepassing, drie maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, op 'n persoon wie se dienste vir 'n kliënt verkry of voorsien word deur 'n tydelike werkverskaffingsdiens ingevolge subartikel 198(1) voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014.

(4C) 'n *Werknemer* mag nie deur 'n tydelike werkverskaffingsdiens in diens geneem word op bedinge en voorwaardes van *diens* wat nie deur *hierdie Wet*, enige *dienswet*, sektorale vasstelling of *kollektiewe ooreenkoms* gesluit in 'n *bedingingsraad* van toepassing op 'n kliënt aan wie die *werknemer* dienste lewer, toegelaat word nie.

(4D) Die vraagstuk of 'n *werknemer* van 'n tydelike werkverskaffingsdiens gedek word deur 'n *bedingingsraad*ooreenkoms of sektorale vasstelling, moet vasgestel word deur verwysing na die sektor en area waarin die kliënt betrokke is.

(4E) In enige verrigtinge wat deur 'n *werknemer* gevoer word, kan die Arbeidshof of 'n arbiter—

(a) bepaal of 'n bepaling in 'n *dienskontrak* of 'n kontrak tussen 'n tydelike werkverskaffingsdiens en kliënt voldoen aan subartikel (4C), al dan nie; en

(b) 'n gepaste lasgewing of toekenning uitreik.

(4F) Geen persoon moet die werksaamhede van 'n tydelike werkverskaffingsdiens verrig tensy hy of sy ingevolge enige toepaslike wetgewing geregistreer is nie, en die feit dat 'n tydelike werkverskaffingsdiens nie geregistreer is nie, sal nie 'n verweer teen enige eis ingestel ingevolge hierdie artikel of artikel 198A, daarstel nie.".

Invoeging van artikels 198A tot 198D in Wet 66 van 1995

38. Die volgende artikels word hierby na artikel 198 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Toepassing van artikel 198 op werknemers wat onder verdienstedrempel verdien**

198A. (1) In hierdie artikel beteken 'n 'tydelike diens' werk vir 'n kliënt deur 'n *werknemer*—

(a) vir 'n tydperk van hoogstens drie maande;

(b) as 'n plaasvervanger vir 'n *werknemer* van die kliënt wat tydelik afwesig is; of

(c) in 'n kategorie van werk en vir enige tydperk wat bepaal is 'n tydelike diens te wees deur 'n *kollektiewe ooreenkoms* gesluit in 'n *bedingingsraad*, 'n sektorale vasstelling of 'n kennisgewing deur die Minister gepubliseer, ooreenkomstig die bepalings van subartikels (6) tot (8).

(2) This section does not apply to *employees* earning in excess of the threshold prescribed by the *Minister* in terms of section 6(3) of the *Basic Conditions of Employment Act.*

(3) For the purposes of *this Act*, an *employee*—

(a) performing a temporary service as contemplated in subsection (1) for the client is the *employee* of the temporary employment services in terms of section 198(2); or

(b) not performing such temporary service for the client is—

(i) deemed to be the *employee* of that client and the client is deemed to be the employer; and

(ii) subject to the provisions of section 198B, employed on an indefinite basis by the client.

(4) The termination by the temporary employment services of an *employee's* service with a client, whether at the instance of the temporary employment service or the client, for the purpose of avoiding the operation of subsection (3)*(b)* or because the *employee* exercised a right in terms of this Act, is a *dismissal.*

(5) An *employee* deemed to be an *employee* of the client in terms of subsection (3)*(b)* must be treated on the whole not less favourably than an *employee* of the client performing the same or similar work, unless there is a justifiable reason for different treatment.

(6) The *Minister* must by notice in the Government *Gazette* invite representations from the public on which categories of work should be deemed to be temporary service by notice issued by the *Minister* in terms of subsection (1)*(c)*.

(7) The *Minister* must consult with *NEDLAC* before publishing a notice or a provision in a sectoral determination contemplated in subsection (1)*(c)*.

(8) If there is conflict between a *collective agreement* concluded in a *bargaining council*, a sectoral determination or a notice by the *Minister* contemplated in subsection (1)*(c)*—

(a) the *collective agreement* takes precedence over a sectoral determination or notice; and

(b) the notice takes precedence over the sectoral determination.

(9) Employees contemplated in this section, whose services were procured for or provided to a client by a temporary employment service in terms of section 198(1) before the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, acquire the rights contemplated in subsections (3), (4) and (5) with effect from three months after the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014.

Fixed term contracts with employees earning below earnings threshold

198B. (1) For the purpose of this section, a 'fixed term contract' means a contract of employment that terminates on—

(a) the occurrence of a specified event;

(b) the completion of a specified task or project; or

(c) a fixed date, other than an *employee*'s normal or agreed retirement age, subject to subsection (3).

(2) This section does not apply to—

(a) *employees* earning in excess of the threshold prescribed by the *Minister* in terms of section 6(3) of the *Basic Conditions of Employment Act;*

(b) an employer that employs less than 10 *employees*, or that employs less than 50 *employees* and whose business has been in operation for less than two years, unless—

(i) the employer conducts more than one business; or

(ii) the business was formed by the division or dissolution for any reason of an existing business; and

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing op *werknemers* wat meer as die drempel deur die *Minister* voorgeskryf ingevolge artikel 6(3) van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*, verdien nie.

(3) By die toepassing van *hierdie Wet*, word 'n *werknemer*—

(a) wat 'n tydelike diens vir 'n kliënt verrig soos beoog in subartikel (1), geag die *werknemer* van die tydelike werkverskaffingsdienste ingevolge artikel 198(2), te wees; of

(b) wat nie 'n tydelike diens vir die kliënt verrig nie—

(i) geag die *werknemer* van daardie kliënt te wees en die kliënt word geag die werkgewer te wees; en

(ii) geag behoudens die bepalings van artikel 198B, op 'n onbepaalde grondslag in diens van die kliënt te wees.

(4) Die beëindiging deur die tydelike werkverskaffingsdienste van 'n *werknemer* se diens by 'n kliënt, hetsy op versoek van die tydelike werkverskaffingsdiens of die kliënt, met die doel om die werking van subartikel (3)*(b)* te vermy of omdat die *werknemer* 'n reg ingevolge hierdie Wet uitgeoefen het, is 'n *ontslag*.

(5) 'n *Werknemer* wat ingevolge subartikel (3)*(b)* geag word 'n *werknemer* van die kliënt te wees, moet in die geheel nie minder gunstig behandel word as 'n *werknemer* van die kliënt wat dieselfde of soortgelyke werk doen nie, tensy daar 'n regverdigbare rede vir verskillende behandeling is.

(6) Die *Minister* moet by kennisgewing in die *Staatskoerant* vertoë van die publiek aanvra oor watter kategorieë werk geag word tydelike werk te wees by kennisgewing uitgereik deur die *Minister* ingevolge subartikel (1)*(c)*.

(7) Die *Minister* moet met *NEOAR* oorleg pleeg voor 'n kennisgewing of 'n bepaling in 'n sektorale vasstelling in subartikel (1)*(c)* beoog, uitgereik word.

(8) Indien daar 'n teenstrydigheid is tussen 'n *kollektiewe ooreenkoms* gesluit in 'n *bedingingsraad*, 'n sektorale vasstelling of 'n kennisgewing deur die *Minister* beoog in subartikel (1)*(c)*—

(a) moet die *kollektiewe ooreenkoms* voorkeur geniet oor 'n sektorale vasstelling of kennisgewing; en

(b) geniet die kennisgewing voorkeur oor die sektorale vasstelling.

(9) Werknemers in hierdie artikel beoog, wie se dienste ingevolge artikel 198(1) deur 'n tydelike werkverskaffingsdiens, voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, verkry of voorsien is, verkry die regte in subartikels (3), (4) en (5) beoog, met ingang vanaf drie maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014.

Vastetermyndienskontrak met werknemers wat onder verdiensteDrempel verdien

198B. (1) By die toepassing van hierdie artikel, beteken 'n 'vastetermyndienskontrak' 'n dienskontrak wat eindig—

(a) wanneer 'n vermelde gebeurtenis plaasvind;

(b) by die voltooiing van 'n vermelde taak of projek; of

(c) op 'n vasgestelde datum, behalwe 'n *werknemer* se normale of ooreengekome ouderdom van aftrede, behoudens subartikel (3).

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op—

(a) *werknemers* wat meer verdien as die drempel voorgeskryf deur die *Minister* ingevolge artikel 6(3) van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*;

(b) 'n werkgewer wat minder as 10 *werknemers* in diens het, of wat minder as 50 *werknemers* in diens het en wie se besigheid vir minder as twee jaar in bedryf is, tensy—

(i) die werkgewer meer as een besigheid het; of

(ii) die besigheid gevorm is deur 'n bestaande besigheid om enige rede te verdeel of te ontbind; en

(c) an *employee* employed in terms of a fixed term contract which is permitted by any statute, sectoral determination or *collective agreement.*

(3) An employer may employ an *employee* on a fixed term contract or successive fixed term contracts for longer than three months of *employment* only if—

(a) the nature of the work for which the *employee* is employed is of a limited or definite duration; or

(b) the employer can demonstrate any other justifiable reason for fixing the term of the contract.

(4) Without limiting the generality of subsection (3), the conclusion of a fixed term contract will be justified if the *employee*—

(a) is replacing another *employee* who is temporarily absent from work;

(b) is employed on account of a temporary increase in the volume of work which is not expected to endure beyond 12 months;

(c) is a student or recent graduate who is employed for the purpose of being trained or gaining work experience in order to enter a job or profession;

(d) is employed to work exclusively on a specific project that has a limited or defined duration;

(e) is a non-citizen who has been granted a work permit for a defined period;

(f) is employed to perform seasonal work;

(g) is employed for the purpose of an official public works scheme or similar public job creation scheme;

(h) is employed in a position which is funded by an external source for a limited period; or

(i) has reached the normal or agreed retirement age applicable in the employer's business.

(5) *Employment* in terms of a fixed term contract concluded or renewed in contravention of subsection (3) is deemed to be of indefinite duration.

(6) An offer to employ an *employee* on a fixed term contract or to renew or extend a fixed term contract, must—

(a) be in writing; and

(b) state the reasons contemplated in subsection (3)*(a)* or *(b)*.

(7) If it is relevant in any proceedings, an employer must prove that there was a justifiable reason for fixing the term of the contract as contemplated in subsection (3) and that the term was agreed.

(8) *(a)* An *employee* employed in terms of a fixed term contract for longer than three months must not be treated less favourably than an *employee* employed on a permanent basis performing the same or similar work, unless there is a justifiable reason for different treatment.

(b) Paragraph *(a)* applies, three months after the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, to fixed term contracts of employment entered into before the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014.

(9) As from the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, an employer must provide an *employee* employed in terms of a fixed term contract and an *employee* employed on a permanent basis with equal access to opportunities to apply for vacancies.

(10) *(a)* An employer who employs an *employee* in terms of a fixed term contract for a reason contemplated in subsection (4)*(d)* for a period exceeding 24 months must, subject to the terms of any applicable *collective agreement*, pay the *employee* on expiry of the contract one week's remuneration for each completed year of the contract calculated in accordance with section 35 of the *Basic Conditions of Employment Act.*

(b) An *employee* employed in terms of a fixed-term contract, as contemplated in paragraph *(a)*, before the commencement of the Labour

(c) 'n *werknemer* in diens geneem ingevolge 'n vastetermyndienskontrak wat deur enige statuut, sektorale vasstelling of *kollektiewe ooreenkoms* of sektorale ooreenkoms toegelaat word.

(3) 'n Werkgewer kan 'n *werknemer* op 'n vastetermyndienskontrak of agtereenvolgende vastetermyndienskontrakte in diens geneem, slegs vir langer as drie maande in *diens* neem indien—

(a) die aard van die werk waarvoor die *werknemer* in diens geneem is vir 'n beperkte of duidelik omskrewe duur is; of

(b) die werkgewer enige ander regverdigbare rede vir die vasstelling van die termyn van die kontrak kan demonstreer.

(4) Sonder om die algemeenheid van subartikel (3) te beperk, sal die sluiting van 'n vastetermyndienskontrak geregverdig wees indien die *werknemer*—

(a) enige ander *werknemer* vervang wat tydelik van die werk afwesig is;

(b) in diens geneem word weens 'n tydelike toename in die volume werk wat na verwagting nie langer as 12 maande sal voortduur nie;

(c) 'n student of onlangse gegradueerde is wat in diens is met die doel om opleiding te ontvang of werkservaring op te doen ten einde 'n werk of beroep te betree;

(d) in diens geneem is om uitsluitlik aan 'n bepaalde projek te werk wat 'n beperkte of omskrewe duur het;

(e) 'n nie-burger is aan wie 'n werkspermit vir 'n omskrewe tydperk toegestaan is;

(f) in diens geneem is om seisoenale werk te doen;

(g) vir die doel van 'n amptelike openbarewerkeskema of soortgelyke openbare werkskeppingskema in diens geneem is;

(h) in diens geneem is vir die doel van 'n posisie wat vir 'n beperkte tydperk deur 'n eksterne bron gefinansier is; of

(i) die normale of ooreengekome aftreeouderdom van toepassing in die werkgewer se besigheid, bereik het.

(5) *Diens* ingevolge 'n vastetermyndienskontrak wat in stryd met subartikel (3) gesluit of hernu is, word geag van onbepaalde duur te wees.

(6) 'n Aanbod om 'n *werknemer* op 'n vastetermyndienskontrak in diens te neem of om 'n vastetermyndienskontrak te hernu of te verleng, moet—

(a) skriftelik wees; en

(b) die redes in subartikel (3)*(a)* of *(b)* beoog, stel.

(7) Indien dit in enige verrigtinge van toepassing is, moet 'n werkgewer bewys dat daar 'n regverdigbare rede was om die termyn van die kontrak vas te stel soos in subartikel (3) bedoel en dat daar op die termyn ooreengekom is.

(8) *(a)* 'n *Werknemer* ingevolge 'n vastetermyndienskontrak in diens vir langer as drie maande moet nie minder gunstige behandeling kry as 'n *werknemer* wat op 'n voltydse basis in diens is nie wat dieselfde of soortgelyke werk doen, tensy daar 'n regverdigbare rede is vir verskillende behandeling.

(b) Paragraaf *(a)* is van toepassing, drie maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, op vastetermyndienskontrakte wat voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, aangegaan is.

(9) Met ingang van die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, moet 'n werkgewer 'n *werknemer* wat ingevolge 'n vastetermyndienskontrak in diens is en 'n *werknemer* wat op 'n voltydse basis in diens is, van gelyke toegang tot geleenthede om aansoek te doen om vakatures, voorsien.

(10) *(a)* 'n Werkgewer wat 'n *werknemer* ingevolge 'n vastetermyndienskontrak vir 'n rede in subartikel (4)*(d)* beoog, vir 'n tydperk wat 24 maande oorskry, in diens neem moet, behoudens die voorwaardes van enige toepaslike *kollektiewe ooreenkoms*, die *werknemer* by verstryking van die kontrak een week se vergoeding vir elke voltooide jaar van die kontrak bereken ooreenkomstig artikel 35 van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*, betaal.

(b) 'n *Werknemer* wat ingevolge 'n vastetermyndienskontrak in diens geneem is, soos in paragraaf *(a)* beoog, voor die inwerkingtreding van die

Relations Amendment Act, 2014, is entitled to the remuneration contemplated in paragraph *(a)* in respect of any period worked after the commencement of the said Act.

(11) An *employee* is not entitled to payment in terms of subsection (10) if, prior to the expiry of the fixed term contract, the employer offers the *employee* employment or procures employment for the *employee* with a different employer, which commences at the expiry of the contract and on the same or similar terms.

Part-time employment of employees earning below earnings threshold

198C. (1) For the purpose of this section—

(a) a part-time *employee* is an *employee* who is remunerated wholly or partly by reference to the time that the *employee* works and who works less hours than a comparable full-time *employee*; and

(b) a comparable full-time *employee*—

(i) is an *employee* who is remunerated wholly or partly by reference to the time that the *employee* works and who is identifiable as a full-time *employee* in terms of the custom and practice of the employer of that *employee*; and

(ii) does not include a full-time *employee* whose hours of work are temporarily reduced for *operational requirements* as a result of an agreement.

(2) This section does not apply—

(a) to *employee*s earning in excess of the threshold determined by the *Minister* in terms of section 6(3) of the *Basic Conditions of Employment Act*;

(b) to an employer that employs less than 10 *employee*s or that employs less than 50 *employee*s and whose business has been in operation for less than two years, unless—

(i) the employer conducts more than one business; or

(ii) the business was formed by the division or dissolution, for any reason, of an existing business;

(c) to an *employee* who ordinarily works less than 24 hours a month for an employer; and

(d) during an *employee*'s first three months of continuous *employment* with an employer.

(3) Taking into account the working hours of a part-time *employee*, irrespective of when the part-time *employee* was employed, an employer must—

(a) treat a part-time *employee* on the whole not less favourably than a comparable full-time *employee* doing the same or similar work, unless there is a justifiable reason for different treatment; and

(b) provide a part-time *employee* with access to training and skills development on the whole not less favourable than the access applicable to a comparable full-time *employee*.

(4) Subsection (3) applies, three months after the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, to part-time employees employed before the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014.

(5) After the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, an employer must provide a part-time *employee* with the same access to opportunities to apply for vacancies as it provides to full-time *employees*.

(6) For the purposes of identifying a comparable full-time *employee*, regard must be had to a full-time *employee* employed by the employer on the same type of *employment* relationship who performs the same or similar work—

(a) in the same *workplace* as the part-time *employee*; or

Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, is geregtig op die besoldiging in paragraaf *(a)* beoog, ten opsigte van enige tydperk na inwerkingtreding van die genoemde Wet gewerk.

(11) 'n *Werknemer* is nie geregtig op betaling ingevolge subartikel (10) nie indien, voor die verstryking van die vastetermyndienskontrak, die werkgewer vir die *werknemer* werk aanbied of by 'n ander werkgewer vir die *werknemer* werk kry, wat in aanvang neem by die verstryking van die kontrak en op dieselfde of soortgelyke voorwaardes.

Deeltydse diens van werknemers wat onder verdienstedrempel verdien

198C. (1) By die toepassing van hierdie artikel—

(a) is 'n deeltydse *werknemer* 'n *werknemer* wat ten volle of gedeeltelik besoldig word met verwysing na die tyd wat die *werknemer* werk en wat minder ure as 'n vergelykbare voltydse *werknemer* werk; en

(b) 'n vergelykbare voltydse *werknemer*—

(i) is 'n *werknemer* wat ten volle of gedeeltelik besoldig word met verwysing na die tyd wat die *werknemer* werk en wat identifiseerbaar is as 'n voltydse *werknemer* ingevolge die gewoonte en gebruik van die werkgewer van daardie *werknemer*; en

(ii) sluit nie 'n voltydse *werknemer* in nie wie se ure van werk vir *bedryfsvereistes* tydelik verminder is as gevolg van 'n ooreenkoms.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing nie—

(a) op *werknemers* wat meer verdien as die drempel deur die *Minister* bepaal ingevolge artikel 6(3) van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*;

(b) op 'n werkgewer wat minder as 10 *werknemers* in diens het of wat minder as 50 *werknemers* in diens het en wie se besigheid vir minder as twee jaar in bedryf is, tensy—

(i) die werkgewer meer as een besigheid het; of

(ii) die besigheid gevorm is deur die verdeling of ontbinding, om enige rede, van 'n bestaande besigheid;

(c) op 'n *werknemer* wat gewoonlik minder as 24 uur per maand vir 'n werkgewer werk; en

(d) tydens 'n *werknemer* se eerste drie maande ononderbroke diens by 'n werkgewer.

(3) Met inagneming van die werkure van 'n deeltydse *werknemer*, ongeag wanneer die deeltydse *werknemer* in diens geneem is, moet 'n werkgewer—

(a) 'n deeltydse *werknemer* in die geheel nie swakker behandel as 'n vergelykbare voltydse *werknemer* wat dieselfde of soortgelyke werk doen nie, tensy daar 'n regverdigbare rede is vir verskillende behandeling; en

(b) 'n deeltydse *werknemer* toegang gee tot opleiding en vaardigheidsontwikkeling wat in die geheel nie minder voordelig is as die toegang van toepassing op 'n vergelykbare voltydse *werknemer* nie.

(4) Subartikel (3) is van toepassing, drie maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, op deeltydse *werknemers* wat voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, in diens was.

(5) Na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, moet 'n werkgewer 'n deeltydse *werknemer* dieselfde toegang gee tot geleenthede om aansoek te doen om vakante poste wat hy vir voltydse *werknemers* gee.

(6) Vir die doel om 'n vergelykbare voltydse *werknemer* te identifiseer, moet 'n voltydse *werknemer* in ag geneem word wat in diens staan van die werkgewer met dieselfde tipe *diensverhouding*, wat dieselfde of soortgelyke werk doen—

(a) in dieselfde *werkplek* as die deeltydse *werknemer*; of

(b) if there is no comparable full-time *employee* who works in the same *workplace*, a comparable full-time *employee* employed by the employer in any other *workplace*.

General provisions applicable to sections 198A to 198C

198D. (1) Any *dispute* arising from the interpretation or application of sections 198A, 198B and 198C may be referred to the Commission or a *bargaining council* with jurisdiction for conciliation and, if not resolved, to arbitration.

(2) For the purposes of sections 198A(5), 198B(8) and 198C(3)*(a)*, a justifiable reason includes that the different treatment is a result of the application of a system that takes into account—

(a) seniority, experience or length of service;
(b) merit;
(c) the quality or quantity of work performed; or
(d) any other criteria of a similar nature,

and such reason is not prohibited by section 6(1) of the Employment Equity Act, 1998 (Act No. 55 of 1998).

(3) A party to a dispute contemplated in subsection (1), other than a dispute about a dismissal in terms of section 198A(4), may refer the dispute, in writing, to the Commission or to the bargaining council, within six months after the act or omission concerned.

(4) The party that refers a dispute must satisfy the Commission or the bargaining council that a copy of the referral has been served on every party to the dispute.

(5) If the dispute remains unresolved after conciliation, a party to the dispute may refer it to the Commission or to the bargaining council for arbitration within 90 days.

(6) The Commission or the bargaining council may at any time, permit a party that shows good cause to, refer a dispute after the relevant time limit set out in subsection (3) or (5).''.

Amendment of section 200A of Act 66 of 1995, as amended by section 51 of Act 12 of 2002

39. Section 200A of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''Until the contrary is proved, for the purposes of *this Act*, any *employment law* and section 98A of the Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936), a person who works for, or renders services to, any other person is presumed, regardless of the form of the contract, to be an *employee*, if any one or more of the following factors are present:''.

Insertion of section 200B in Act 66 of 1995

40. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 200A:

''**Liability for employer's obligations**

200B. (1) For the purposes of *this Act* and any other *employment law*, 'employer' includes one or more persons who carry on associated or related activity or business by or through an employer if the intent or effect of their doing so is or has been to directly or indirectly defeat the purposes of *this Act* or any other *employment law*.

(2) If more than one person is held to be the employer of an *employee* in terms of subsection (1), those persons are jointly and severally liable for any failure to comply with the obligations of an employer in terms of *this Act* or any other *employment law*.''.

(b) indien daar geen vergelykbare voltydse *werknemer* is wat in dieselfde *werkplek* werk nie, 'n vergelykbare voltydse *werknemer* in 'n ander *werkplek* in diens van die werkgewer.

Algemene bepalings van toepassing op artikels 198A tot 198C

198D. (1) Enige *geskil* wat ontstaan uit die vertolking of toepassing van artikels 198A, 198B en 198C kan na die Kommissie of 'n *bedingingsraad* met jurisdiksie vir bemiddeling verwys word en, indien nie opgelos nie, na arbitrasie.

(2) By die toepassing van artikels 198A(5), 198B(8) en 198C(3)*(a)*, is 'n regverdigbare rede vir verskillende behandeling dat dit 'n gevolg is van die toepassing van 'n stelsel wat in ag neem—

(a) senioriteit, ervaring of duur van diens;
(b) meriete;
(c) die kwaliteit of kwantiteit van werk wat gedoen is; of
(d) enige ander maatstawwe van 'n soortgelyke aard,

en sodanige rede nie verbied is nie by artikel 6(1) van die 'Employment Equity Act, 1998' (Wet No. 55 van 1998).

(3) 'n Party tot 'n geskil in subartikel (1) beoog, behalwe 'n geskil oor 'n ontslag ingevolge artikel 198A(4), kan die geskil skriftelik na die Kommissie of na die bedingingsraad verwys, binne ses maande na die handeling of versuim geskied het.

(4) Die party wat 'n geskil verwys moet die Kommissie of die bedingingsraad oortuig dat 'n afskrif van die verwysing op elke party tot die geskil beteken is.

(5) Indien die geskil na bemiddeling steeds onopgelos is, kan 'n party tot die geskil dit binne 90 dae na die Kommissie of die bedingingsraad verwys vir arbitrasie.

(6) Die Kommissie of die bedingingsraad kan te eniger tyd 'n party wat goeie gronde aanvoer toelaat om 'n geskil na afloop van die tersaaklike tydsbeperking in subartikel (3) of (5) bedoel, te verwys.''.

Wysiging van artikel 200A van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 51 van Wet 12 van 2002

39. Artikel 200A van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Totdat die teendeel bewys is, by die toepassing van *hierdie Wet*, enige *dienswet* en artikel 98A van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), word daar vermoed dat 'n persoon wat werk vir, of dienste lewer aan, enige ander persoon, ongeag die vorm van die kontrak, 'n *werknemer* is, indien een of meer van die volgende faktore aanwesig is:''.

Invoeging van artikel 200B in Wet 66 van 1995

40. Die volgende artikel word hierby na artikel 200A in die Hoofwet ingevoeg:

''**Aanspreeklikheid vir werkgewer se verpligtinge**

200B. (1) By die toepassing van *hierdie Wet* en enige ander *dienswet,* sluit 'werkgewer' een of meer persone in wat geassosieerde of verwante aktiwiteite of sake doen deur of deur middel van 'n werkgewer indien die bedoeling en uitwerking van hul handeling is of was om die doeleindes van *hierdie Wet* of enige ander *dienswet* regstreeks of onregstreeks te verydel.

(2) Indien meer as een persoon ingevolge subartikel (1) as werkgewer van 'n *werknemer* beskou word, is daardie persone gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir enige versuim om aan die verpligtinge van 'n werkgewer ooreenkomstig *hierdie Wet* of enige ander *dienswet* te voldoen.''.

Amendment of section 203 of Act 66 of 1995, as amended by section 52 of Act 12 of 2002

41. Section 203 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsections:

"(2A) The *Minister* may issue a *code of good practice* by publishing it in the Government *Gazette* in accordance with the provisions of this section, if—

(a) proposals relating to the *code of good practice* have been tabled and considered by *NEDLAC;* and

(b) *NEDLAC* has reported to the *Minister* that it has been unable to reach agreement on the matter.

(2B) Subsection (2A) applies to the amendment or replacement of an existing *code of good practice.*".

Amendment of section 213 of Act 66 of 1995, as amended by sections 52 and 53 of Act 42 of 1996, section 54 of Act 12 of 2002 and section 43 of Act 30 of 2007

42. Section 213 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the insertion after the definition of "*collective agreement*" of the following definition:

" **'Commission'** mean the Commission for Conciliation, Mediation and Arbitration established by section 112;";

(b) by the substitution for paragraph *(a)* of the definition of "*employment law*" of the following paragraph:

"*(a)* the Unemployment Insurance Act, **[1966 (Act No. 30 of 1966)]** 2001 (Act No. 63 of 2001);";

(c) by the deletion in the definition of "*employment law*" of the word "and" at the end of paragraph *(d)* and the addition of the following paragraph:

"*(f)* the Unemployment Insurance Contributions Act, 2002 (Act No. 4 of 2002);"; and

(d) by the substitution for the definition of "serve" of the following definition:

" **'serve'** means to send by electronic mail, registered post, telegram, telex, telefax or to deliver by hand, and—

(a) in respect of the Labour Courts, any other method of service specified in the rules of the Labour Court;

(b) in respect of the Commission, any other method of service specified in the Rules of the Commission;

(c) in respect of a *bargaining council*, any other method of service specified in a *collective agreement* concluded in the *bargaining council*.".

Amendment of long title of Act 66 of 1995

43. The long title of the principal Act is hereby amended by the substitution for "section 27" of "section 23".

Amendment of Schedule 7 to Act 66 of 1995

44. Item 27 of Part H of Schedule 7 to the principal Act is hereby amended by the substitution in item 27(1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Until such time as rules made by the Commission in terms of section **[115(2A)*(m)*]** 115(2A)*(k)* of the Act come into force—".

Short title

45. (1) This Act is called the Labour Relations Amendment Act, 2014 and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the Government *Gazette*.

(2) Notwithstanding subsection (1), the coming into operation of section 198(4F) is suspended until the date when the applicable legislation contemplated in section 198(4F) enters into force.

Wysiging van artikel 203 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 52 van Wet 12 van 2002

41. Artikel 203 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) Die *Minister* kan 'n *goeie praktykkode* uitreik deur dit ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel in die *Staatskoerant* te publiseer, indien—

(a) voorstelle wat verband hou met die *goeie praktykkode* ter tafel gelê is en deur *NEOAR* oorweeg is; en

(b) *NEOAR* aan die *Minister* rapporteer het dat dit nie ooreenstemming oor die aangeleentheid kon bereik nie.

(2B) Subartikel (2A) is van toepassing op die wysiging of vervanging van 'n bestaande *goeie praktykkode.*".

Wysiging van artikel 213 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikels 52 en 53 van Wet 42 van 1996, artikel 54 van Wet 12 van 2002 en artikel 43 van Wet 30 van 2007

42. Artikel 213 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van "beteken" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'beteken'** om per elektroniese pos, geregistreerde pos, telegram, teleks of telefaks te stuur of per hand af te lewer, en ten opsigte van—

(a) die Arbeidshowe, enige ander metode van betekening in die reëls van die Arbeidshof vermeld;

(b) die Kommissie, enige ander metode van betekening in die Reëls van die Kommissie vermeld;

(c) 'n *bedingingsraad*, enige ander metode van betekening vermeld in 'n *kollektiewe ooreenkoms* gesluit in 'n *bedingingsraad*;";

(b) deur paragraaf *(a)* van die omskrywing van "*dienswette*" deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Die **[Werkloosheidversekeringswet, 1966 (Wet No. 30 van 1966)]** 'Unemployment Insurance Act, 2001' (Wet No. 63 van 2001);";

(c) deur in die omskrywing van "*dienswette*" die woord "en" aan die einde van paragraaf *(d)* te skrap en die volgende paragraaf by te voeg:

"*(f)* die 'Unemployment Insurance Contributions Act, 2002' (Wet No. 4 van 2002);"; en

(d) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "*hierdie Wet"* in te voeg:

" **'Kommissie'** die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie ingestel kragtens artikel 112;".

Wysiging van lang titel van Wet 66 van 1995

43. Die lang titel van die Hoofwet word hierby gewysig deur "artikel 27" deur "artikel 23" te vervang.

Wysiging van Bylae 7 tot Wet 66 van 1995

44. Item 27 van Deel H van Bylae 7 tot die Hoofwet word hierby gewysig deur in item 27(1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Tot tyd en wyl reëls wat deur die Kommissie ingevolge artikel **[115(2A)*(m)*]** 115(2A)*(k)* van die Wet uitgevaardig is, in werking tree—".

Kort titel

45. (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014 en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Ondanks subartikel (1), word die inwerkingtreding van artikel 198(4F) uitgestel tot op die datum wanneer die toepaslike wetgewing beoog in artikel 198(4F) van krag word.